NIE-SENTRALE MEERVERANDERLIKE BETA-VERDELINGS.

deur

DANIËL JACOBUS DE WAAL

PROEFSKRIF

Voorgelê ter vervulling van die Vereistes
vir die Graad DOCTOR PHILOSOPHIAE
in die Departement

WISKUNDIGE STATISTIEK,
UNIVERSITEIT KAAPSTAD,
KAAPSTAD.

Oktober 1968.

PROMOTOR: PROF. DR. C.G. TROSKIE

AAN V E R E N A.

D A N K B E T U I G I N G.

Hiermee betuig ek my hartlike dank aan Prof. dr. C.G. TROSKIE van die Departement Wiskundige Statistiek, Universiteit Kaapstad, vir die voorstel van hierdie onderwerp en vir die leiding en aanmoediging by die voltooiing van hierdie proefskrif.

Die hartlike samewerking van Prof. A. Reitsma en Mnre. J.H. Oosthuizen en G.P. Viljoen in die Departement Statistiek, Universiteit van die O.V.S., word baie waardeer.

Aan die Universiteit van die O.V.S. my dank vir 'n finansieële toekenning waarsonder die berekenings nie uitgevoer kon word nie. My dank ook aan die W.N.N.R. en Universiteit Kaapstad vir finansiële hulp verleen.

I N H O U D.

ENKELE NOTASIES.

Tensy waar anders vermeld, word skalar-veranderlikes aangedui deur klein-letters en matriks-veranderlikes deur hoof-letters.

A en B	: Wishart-veranderlikes.
$\lvert A \rvert$	: determinant van A.
spA	: spoor van A.
espA	: eksponent(spA).
A'	: transponent van A.

$$\text{diag}(a_1,\text{--},a_p) = \begin{pmatrix} a_1 & 0 & - - - & 0 \\ 0 & a_2 & - - - & 0 \\ - & - & - - - & - \\ 0 & 0 & - - - & a_p \end{pmatrix}$$

I	: identiteits matriks.
$\sim$	: verdeel is soos.
$\propto$	: is proporsioneel tot.

Laat $A = TT'$, dan $A^{1/2} = T$ waar T 'n onderdriehoekige matriks is met diagonaal-elemente positief.

$A^{1/2}BA^{1/2} = A^{1/2}B(A^{1/2})'$.

HOOFSTUK I.

INLEIDING.

1.1 Inleiding en opsomming.

Veronderstel x en y is twee onafhanklike χ^2-veranderlikes met m en n grade van vryheid respektiewelik. Die volgende verdelings is nou geen onbekendes in die statistiek nie:

Die verdeling van

$$u = x/(x+y)$$

is 'n beta van die eerste soort en die verdelingsfunksie word gegee deur

$$\beta_1(u\ ;\ m/2\ ,\ n/2) = \Gamma((m+n)/2)/(\Gamma(m/2)\Gamma(n/2))u^{m/2\ -1}(1-u)^{n/2\ -1},\quad 0<u<1.$$

Die verdeling van

$$v = x/y$$

is 'n beta van die tweede soort en die verdelingsfunksie word gegee deur

$$\beta_2(v\ ;\ m/2\ ,\ n/2) = \Gamma((m+n)/2)/(\Gamma(m/2)\Gamma(n/2))v^{m/2\ -1}(1+v)^{-(m+n)/2},\quad v>0.$$

Indien y egter verdeel is soos 'n nie-sentrale χ^2 met nie-sentrale parameter λ, dan word die verdelingsfunksie van u en v respektiewelik gegee deur

$$\beta_1(u\ ;\ m/2\ ,\ n/2\ ,\ \lambda/2) = \Gamma((m+n)/2)/(\Gamma(m/2)\Gamma(n/2))\ e^{-\lambda/2}\ u^{m/2\ -1}(1-u)^{n/2\ -1}\,{}_1F_1((m+n)/2\ ;\ n/2\ ;\ \lambda(1-U)/2),\ 0<u<1,$$

en

$$\beta_2(v\ ;\ m/2\ ,\ n/2\ ,\ \lambda/2) = \Gamma((m+n)/2)/(\Gamma(m/2)\Gamma(n/2))\ e^{-\lambda/2}\ v^{m/2\ -1}(1+v)^{-(m+n)/2}\,{}_1F_1((m+n)/2\ ;\ n/2\ ;\ \lambda(1+v)^{-1}/2),\ v>0.$$

Indien x in plaas van y verdeel is soos 'n nie-sentrale χ^2 met nie-sentrale parameter λ, dan word die verdelingsfunk-

sies respektiewelik/ ...

sies respektiewelik gegee deur

$$\beta_1(u\ ;\ m/2\ ,\ n/2\ ,\ \lambda/2) = \Gamma((m+n)/2)/(\Gamma(m/2)\Gamma(n/2))\ e^{-\lambda/2}\ u^{m/2\ -1}(1-u)^{n/2\ -1}\ {}_1F_1((m+n)/2\ ;\ n/2\ ;\ \lambda u/2),\ 0<u<1,$$

en

$$\beta_2(v\ ;\ m/2\ ,\ n/2\ ,\ \lambda/2) = \Gamma((m+n)/2)/(\Gamma(m/2)\Gamma(n/2))\ e^{-\lambda/2}\ v^{m/2\ -1}(1+v)^{-(m+n)/2}\ {}_1F_1((m+n)/2\ ;\ n/2\ ;\ \lambda v(1+v)^{-1}/2),\ v>0.$$

Met die ontwikkeling van die meerveranderlike statistiese analises het 'n uitbreiding van hierdie verdelings na die meerveranderlike noodwendig gevolg. Die Wishart-verdeling is gedefinieer as die plaasvervanger van die χ^2-verdeling in die meerveranderlike statistiek. So is die statistieke

$$L = (A+B)^{-1/2}A(A+B)^{-1/2}$$

en

$$V = B^{-1/2}AB^{-1/2}$$

gedefinieer as die meerveranderlike analoë van u en v respektiewelik, waar A en B twee onafhanklike Wishart-veranderlikes is van orde p met m en n grade van vryheid respektiewelik. Die verdeling van L is reeds deur Hsu (1939) ondersoek. Uit die werk van Anderson (1958) en Khatri (1959) het dit geblyk dat die verdeling van L 'n meerveranderlike beta van die eerste soort is. Die verdeling van V is deur Olkin en Rubin (1964) afgelei en is 'n meerveranderlike beta van die tweede soort. Kshirsagar (1961) het die nie-sentrale verdeling van L gedefinieer, maar slegs in die lineêre geval, dit is indien die matriks van nie-sentrale parameters Θ van rang een is. Laasgenoemde verdeling volg deur A of B as 'n nie-sentrale Wishart-veranderlike te beskou met nie-sentrale parameter Θ van rang een. Die nie-sentrale verdeling van V is deur Troskie (1966) afgelei en ook slegs in die lineêre geval. Hierdie nie-sentrale verdelings staan bekend as die nie-sen-

trale meerveranderlike/ ...

trale meerveranderlike beta-verdelings van rang een.

Die nie-sentrale verdelings is veral belangrik in die opsig dat die nie-sentrale verdelings van sommige van die volgende toetsingsgroothede daaruit herlei kan word:

(i) $|I-L|$ - Wilks se kriterium of die aanneemlikheidsverhoudings kriterium (Wilks (1932)).

(ii) l_1 - Roy se grootste-karakteristieke-wortel kriterium (Roy (1945)). l_1 is die grootste karakteristieke wortel van L.

(iii) $SpL(I-L)^{-1}$ en spL - Pillai se kriteria (Pillai (1955),(1960)).

Hierdie toetsingsgroothede e.a. bestaan as alternatiewes vir die toets van verskeie hipotesese in meerveranderlike regressie-analises en variansie-analises (sien Anderson (1958)).

In hoofstuk 2 word die verdeling van L ondersoek indien Θ van rang $r \leq p$ is. Asimptotiese verdelings vir $|I-L|$ en $|L|$ word afgelei en waardes van die onderskeidingsvermoë-funksie van Wilks se kriterium is bereken en getabuleer. Van hierdie resultate is reeds aangebied vir publikasie (de Waal). Die eksakte verdeling van l_1 word gedefinieer en die momente van spL word gevind. Dit word ook aangetoon dat indien $r<p$ die verdeling van L geskrywe kan word as die produk van onafhanklike beta-verdelings van die eerste soort vermenigvuldig met 'n nie-sentrale meerveranderlike beta-verdeling van die eerste soort en van volle rang.

In hoofstuk 3 word die verdeling van V indien Θ van rang $r \leq p$ is, ondersoek. Eksakte verdelings vir spV en spV^{-1} word afgelei en dit word aangetoon dat die verdeling van V geskrywe kan word as die produk van onafhanklike beta-verdelings van die tweede soort vermenigvuldig met 'n nie-sentrale meerveranderlike beta-verdeling van die tweede soort en van volle rang. Van hierdie resultate is ook reeds aan-

gebied vir/ ...

gebied vir publikasie (de Waal (b)).

Gepaard met die ontwikkeling van die meerveranderlike beta-verdelings het gegaan die ontwikkeling van die meerveranderlike dirichlet-verdelings.

Veronderstel x_j $(j=1,---,q)$ is onafhanklike χ^2-veranderlikes met m_j grade van vryheid respektiewelik. Laat y 'n χ^2-veranderlike wees en onafhanklik van x_j met n grade van vryheid, dan is $u_1, u_2, --, u_q$,

$$u_j = x_j(\Sigma_j x_j + y)^{-1},$$

gesamentlik verdeel soos 'n dirichlet-verdeling van die eerste soort met verdelingsfunksie

$$D_1(u_1,--,u_q ;m_1/2,--,m_q/2, n/2)$$
$$= \Gamma((m+n)/2)/(\Gamma(n/2)\prod_j^q\Gamma(m_j/2)) \prod_j^q u_j^{(m_j/2)-1}(1-\Sigma_j u_j)^{n/2 -1},$$
$$0<u_j<1,\ 1-\Sigma_j u_j >0,\ m=\Sigma_j m_j.$$

Die gesamentlike verdeling van $v_1, v_2, --, v_q$,

$$v_j = x_j/y,$$

is weer 'n dirichlet van die tweede soort en die verdelingsfuksie word gegee deur

$$D_2(v_1,--v_q ;m_1/2,--,m_q/2, n/2)$$
$$= \Gamma((m+n)/2)/(\Gamma(n/2)\prod_j\Gamma(m_j/2))\prod_j v_j^{(m_j/2)-1}(1+\Sigma_j v_j)^{-(m+n)/2},$$
$$v_j>0.$$

Indien y egter verdeel is soos 'n nie-sentrale χ^2 word die ooreenkomstige nie-sentrale verdelings verkry.

In die meeveranderlike statistiek is die statistieke

$$L_j = (\Sigma_j A_j+B)^{-1/2}A_j(\Sigma_j A_j+B)^{-1/2}$$

en

$$V_j = B^{-1/2}A_jB^{-1/2}$$

as die meerveranderlike analoë van u_j en v_j respektiewelik

gedefinieer/ ...

gedefinieer waar A_j ($j=1,--,q$) en B onafhanklike Wishart-veranderlikes is van orde p met m_j en n grade van vryheid respektiewelik. Olkin en Rubin (1964) het die gesamentlike verdeling van L_1, L_2, --, L_q afgelei as 'n meerveranderlike dirichlet-verdeling van die eerste soort. Die gesamentlike verdeling van V_1, V_2, --, V_q is deur Troskie (1966) gedefinieer as 'n meerveranderlike dirichlet-verdeling van die tweede soort. Troskie (1967) het daarna die nie-sentrale meerveranderlike dirichlet-verdelings van die eerste en tweede soort afgelei in die lineêre geval, d.i. deur B as 'n nie-sentrale Wishart-veranderlike te beskou met nie-sentrale parameter Θ van rang een.

In hoofstuk 4 word die nie-sentrale meerveranderlike dirichlet-verdelings van die eerste en tweede soort van rang $r \leq p$ afgelei asook die asimptotiese verdeling van $\overline{\prod}|L_j|$. Die eksakte verdeling van $\Sigma_j spV_j$ word ook gedefinieer.

In hoofstukke 5-7 word die komplekse analoë van die werk in hoofstukke 2-4 beskou.

In hoofstuk 8 word die asimptotiese verdelings van $|R|$ en $|I-R|$ afgelei asook die eksakte verdeling van r_1^2, die grootste wortel van R, waar R die algemene meervoudige korrelasie matriks is soos gedefinieer deur Khatri (1964). Die verdelings word ook afgelei indien R 'n komplekse veranderlike is.

Aangesien hipergeometriese funksies van matriks argument en sonale-polinome deurgaans in hierdie studie gebruik word, sal dit kortliks in 1.2 gedefinieer word met sommige van hulle eienskappe in die reële en komplekse gevalle. In 1.3 word die sentrale en nie-sentrale Wishart-verdelings gegee asook 'n paar belangrike integrale wat daaruit volg en waarna dikwels verwys word.

Dit dien net daarop gewys te word dat deurgaans in hier-

die studie/ ...

die studie die volgende definisie vir $A^{1/2}$ gebruik sal word:

$$A^{1/2} = T \text{ met } A = TT'$$

sodanig dat T 'n onderdriehoekige matriks is met diagonaal-elemente positief (sien Olkin en Rubin (1964)). Verder word van die veronderstelling uitgegaan dat $A^{1/2}BA^{1/2} = A^{1/2}B(A^{1/2})'$.

1.2 Hipergeometriese funksies en sonale-polinome.

Reëel.

Die hipergeometriese funksie van matriks argument word in die algemeen gedefinieer as (Constantine (1963))

1.2.1 $${}_rF_q(a_1,a_2,--,a_r\ ;\ b_1,b_2,--,b_q\ ;\ S)$$
$$= \Sigma_{k=0}^{\infty}\Sigma_K(a_1)_K\cdot\cdot(a_r)_K\ C_K(S)/(b_1)_K\cdot\cdot(b_q)_K k!$$

waar S 'n reële simmetriese matriks van orde p is.

$$(a)_K = \prod_{i=1}^{p}(a + (1-i)/2)_{K_i}$$

en $(a)_{K_i} = a(a + 1)\ldots(a + K_i - 1)$. Indien die gamma-funksie bestaan, kan $(a)_K$ ook geskrywe word as

1.2.2 $$(a)_K = \Gamma_p(a,K)/\Gamma_p(a)$$

waar

1.2.3 $$\Gamma_p(a,K) = \pi^{p(p-1)/4}\prod_{i=1}^{p}\Gamma(a + K_i + (1-i)/2)$$

en $\Gamma_p(a) = \Gamma_p(a,0)$. $K = (K_1,K_2,--,K_p)$, $K_1\geq K_2\geq--\geq K_p\geq 0$, is 'n opsplitsing van k in nie meer as p komponente nie sodanig dat $\Sigma_i K_i = k$.

Vir elke opsplitsing K van k bestaan daar 'n sonale-polinoom $C_K(S)$ (James (1961)(a)) wat 'n homogene simmetriese polinoom in die elemente van S is sodanig dat

1.2.4 $$\Sigma_K C_K(S) = (\text{sp}S)^k.$$

Die volgende eienskappe is van belang:

1.2.5 $$C_K(RSP) = C_K(PRS) = C_K(SPR)$$

1.2.6 $C_K(aS)/$ ...

1.2.6 $\quad C_K(aS) = a^k C_K(S) \quad$ (a 'n skalar)

1.2.7 $\quad \int_{O(p)} C_K(PHSH')d(H) = C_K(P)C_K(S)/C_K(I_p)$

waar H 'n ortogonale matriks is en d(H) die invariante Haar-maat is oor die ortogonale groep O(p), genormaliseer sodat die maat oor die hele groep een is. Indien die eerste ry elemente van H positief is, word die normaliserende-konstante gegee deur (James (1954))

1.2.8 $\quad (1/2^p)\int_{O(p)} d(H) = \pi^{p^2/2}/\Gamma_p(p/2)$.

Deur van 1.2.7 gebruik te maak, volg dat (James (1964))

1.2.9 $\quad \int_{O(p)} {}_rF_q(a_1,--,a_r\ ;\ b_1,--,b_q\ ;\ PHSH')d(H)$

$$= {}_rF_q(a_1,--,a_r\ ;\ b_1,--,b_q\ ;\ P,S)$$

Eksplisiete vorms vir $C_K(S)$ is slegs bekend indien (i) $S = I_p$ (Constantine (1963)), (ii) p = 2 (James (1964)), (ii) K slegs uit een komponent bestaan, d.i. K=(k,0,--,0)=(k) (Rubin (1962)). Tabelle is bekikbaar (James (1964) en James en Parkhurst) vir die berekening van $C_K(S)$ vir k=1(1)11.

Indien S van rang $r \leq p$ is, bestaan 'n ortogonale matriks C sodanig dat

$$CSC' = \begin{pmatrix} S_r & 0 \\ 0 & 0 \end{pmatrix}$$

waar $S_r(r\mathrm{x}r)$ van rang r is. Die sonale-polinoom $C_K(S)$ word nou (James (1961)(b))

1.2.10 $\quad C_K(S) = \begin{cases} 0 & K_{i>r} \neq 0 \\ C_K(S_r) & K_{i>r} = 0 \end{cases}$

K is nou 'n opsplitsing van k in nie meer as r komponente nie.

'n Spesiale vorm van 1.2.1 is (James (1964))

1.2.11 $\quad {}_1F_0(a\ ;\ S) = |I-S|^{-a}$.

<u>Kompleks.</u>

Indien die argument S van die hipergeometriese funksie as Hermities beskou word, d.i. $S=\overline{S}'$ waar $\overline{S}$ die toegevoegde

van S is/ ...

van S is, word die hipergeometriese funksie gedefinieer as (James (1964))

1.2.12 $\quad {}_r\overline{F}_q(a_1,--,a_r\ ;\ b_1,--,b_q\ ;\ S)$

$$= \Sigma_{k=0}\Sigma_K[a_1]_K\ldots[a_r]_K\ \overline{C}_K(S)/[b_1]_K\ldots[b_q]_K k!$$

waar $S = S_R + iS_I$. R dui die reëele deel aan en I die imaginêre deel.

1.2.13 $\quad [a]_K = \prod_{i=1}^{p}(a + 1 - i)_{K_i}$

of

1.2.14 $\quad = \overline{\Gamma}_p(a,K)/\overline{\Gamma}_p(a)$

indien die gamma-funksie bestaan.

1.2.15 $\quad \overline{\Gamma}_p(a,K) = \pi^{p(p-1)/2}\prod_{i=1}\Gamma(a+1-i+K_i)$

1.2.16 $\quad \overline{\Gamma}_p(a) = \overline{\Gamma}_p(a,0)$

$K = (K_1,--,K_p)$ is 'n opsplitsing van k in nie meer as p komponente nie. $\overline{C}_K(S)$ is die sonale-polinoom van die Hermitiese matriks S. Die eienskappe 1.2.5 en 1.2.6 geld ook in hierdie geval terwyl die eienskap 1.2.7 nou is

1.2.17 $\quad \int_{O(p)}\overline{C}_K(PUS\overline{U}')d(U) = \overline{C}_K(P)\overline{C}_K(S)/\overline{C}_K(I_p)$

waar U 'n unitêre-matriks is, d.i. $U\overline{U}'= I_p$, en d(U) die invariante Haar-maat is oor die unitêre-groep U(p) genormaliseer sodat die totale maat een is. Die normaliserende-konstant word in hierdie geval

1.2.18 $\quad \pi^{p(p-1)}/\overline{\Gamma}_p(p)$.

Deur van 1.2.17 gebruik te maak, volg dat (James (1964))

1.2.19 $\quad \int_{U(p)}\ {}_r\overline{F}_q(a_1,--,a_r\ ;\ b_1,--,b_q\ ;\ PUS\overline{U}')d(U)$

$$= {}_r\overline{F}_q(a_1,--,a_r\ ;\ b_1,--,b_q\ ;\ P,S).$$

Indien die rang van S gelyk is aan $r \leq p$, dan soos vir die geval 1.2.10 kan $\overline{C}_K(S)$ geskrywe word as

1.2.20 $\quad \overline{C}_K(S) = \overline{C}_K(S_r)$

waar K nou 'n opsplitsing van k in nie meer as r komponente is nie en

$CS\overline{C}'= / \ldots$

$CS\overline{C}' = \begin{pmatrix} S_r & 0 \\ 0 & 0 \end{pmatrix}$, C 'n unitêre-matriks.

'n Spesiale vorm van 1.2.13 is (James (1964))

1.2.21 $\quad {}_1\overline{F}_0(a\ ;\ S) = |I-S|^{-a}.$

1.3 Die Wishart-verdeling.

Reëel.

(i) Sentrale Wishart.

Indien X(pxm) 'n matriks-veranderlike is waarvan die kolomme onafhanklik normaal verdeel is met gemiddelde nul en kovariansie matriks Σ, d.i. $N(0,\Sigma)$, dan word die verdeling van $A=XX'$ gegee deur (Anderson (1958))

1.3.1 $\quad W(A\ ;\ \Sigma,m) = [\Gamma_p(m/2)|2\Sigma|^{m/2}]^{-1}\text{esp}(-\Sigma^{-1}A/2)|A|^{(m-p-1)/2},$

$A>0.$

Dit is A is verdeel soos 'n Wishart-verdeling met m grade van vryheid en word geskrywe as $A\sim W(\Sigma,m)$. Dit volg dus dat

1.3.2 $\quad \int_{A>0}\text{esp}(-\Sigma^{-1}A/2)|A|^{(m-p-1)/2}\,dA$

$= \Gamma_p(m/2)|2\Sigma|^{m/2}.$

(ii) Nie-sentrale Wishart.

Indien X(pxm) 'n matriks-veranderlike is waarvan die kolomme onafhanklik normaal verdeel is met $E(X) = M$ en kovariansie matriks Σ, dan word die verdeling van $A=XX'$ gegee deur (Constantine (1963))

1.3.3 $\quad W(A\ ;\ \Sigma,m,\Theta) = W(A\ ;\ \Sigma,m)\text{esp}(-\Theta/2)\,{}_0F_1(m/2\ ;\ \Theta\Sigma^{-1}A/4),$

$A>0,$

waar $\Theta = \Sigma^{-1}MM'$. A is dus verdeel soos 'n nie-sentrale Wishart met m grade van vryheid en nie-sentrale parameter Θ. Dit word geskrywe as $A\sim W(\Sigma,m,\Theta)$. 'n Integraal wat uit hierdie verdeling volg en deur Constantine (1963) bewys is, is

1.3.4 $\quad \int_{A>0}\text{esp}(-RA)|A|^{(m-p-1)/2}\,C_K(TA)\,dA$

$= \Gamma_p(m/2,K)|R|^{-m/2}C_K(TR^{-1}).$

Kompleks/ ...

Kompleks.

(i) Sentrale Wishart.

Indien $Z(p\times m) = X + iY$ 'n komplekse veranderlike is waarvan die kolomme van Z onafhanklik normaal (kompleks) verdeel is met gemiddelde nul en kovariansie matriks $\Sigma = \bar{\Sigma}'$, d.i. $CN(0,\Sigma)$, dan word die verdeling van $A=Z\bar{Z}'$ gegee deur (Goodman (1963))

1.3.5 $CW(A\,;\,\Sigma,m) = [\tilde{\Gamma}_p(m)|\Sigma|^m]^{-1}\mathrm{esp}(-\Sigma^{-1}A)|A|^{m-p}$, $A=\bar{A}'>0$.

Dit is die komplekse Wishart-verdeling met m grade van vryheid. Met andere woorde $A\sim CW(\Sigma,m)$. Uit hierdie verdeling volg die volgende integraal:

1.3.6 $\int_{A=\bar{A}'>0}\mathrm{esp}(-\Sigma^{-1}A)|A|^{m-p}\,dA = \tilde{\Gamma}_p(m)|\Sigma|^m$.

(ii) Nie-sentrale Wishart.

Indien $Z\sim CN(M,\Sigma)$, word die verdeling van $A=Z\bar{Z}'$ gegee deur (James (1964))

1.3.7 $CW(A\,;\,\Sigma,m,\Theta) = CW(A\,;\,\Sigma,m)\mathrm{esp}(-\Theta)\,{}_0\tilde{F}_1(m\,;\,\Theta\Sigma^{-1}A)$

waar $\Theta = \Sigma^{-1}M\bar{M}'$ die nie-sentrale parameter is, d.i. $A\sim CW(\Sigma,m,\Theta)$. Die volgende integraal volg nou:

1.3.8 $\int_{A=\bar{A}'>0}\mathrm{esp}(-\Sigma^{-1}A)|A|^{m-p}\,\tilde{C}_K(\Theta\Sigma^{-1}A)\,dA$

$= \tilde{\Gamma}_p(m,K)|\Sigma|^m\,\tilde{C}_K(\Theta)$.

A. Reële veranderlikes.

HOOFSTUK II.

DIE NIE-SENTRALE MEERVERANDERLIKE BETA-VERDELING VAN DIE EERSTE SOORT.

2.1 Inleiding.

Die verdeling van $L = (A+B)^{-1/2}A(A+B)^{-1/2}$ word in hierdie hoofstuk ondersoek in die volgende gevalle:

(i) $A \sim W(\Sigma,m)$ en $B \sim W(\Sigma,n,\Theta)$

(ii) $A \sim W(\Sigma,m,\Theta)$ en $B \sim W(\Sigma,n)$

(iii) $A \sim W(\Sigma_1,m)$ en $B \sim W(\Sigma_2,n)$

In 2.2 word die verdeling van L gedefinieer in elk van die drie gevalle en waar die nie-sentrale parameter Θ as van rang $r \leq p$ beskou word. Asimptotiese verdelings vir $|L|$ en $|I-L|$ word in 2.3 gegee en in 2.4 word die verdeling van die grootste karakteristieke wortel van L afgelei. In 2.5 word aangetoon dat indien $r<p$ die verdelings van $|L|$, $|I-L|$ en L geskrywe kan word as die produk van onafhanklike beta-verdelings van die eerste soort. Laasgenoemde word slegs aangetoon vir geval (i) aangesien in geval (ii) die metode soortgelyk is.

Jakobiane wat nie bewys word nie kan gevind word in Deemer en Olkin (1951) en Olkin en Rubin (1964).

2.2 Die verdeling van L.

Stelling 2.2.1.

Indien $A \sim W(\Sigma,m)$ en $B \sim W(\Sigma,n,\Theta)$, Θ van rang p, word die verdelingsfunksie van L gegee deur

2.2.1 $$\beta_1(L\,;\,m/2,n/2,\Theta/2) = [\Gamma_p(m/2)\Gamma_p(n/2)|2\Sigma|^{(m+n)/2}]^{-1}$$
$$\operatorname{esp}(-\Theta/2)|L|^{(m-p-1)/2}|I-L|^{(n-p-1)/2}\int_{T>0}\operatorname{esp}(-\Sigma^{-1}T/2)$$
$$|T|^{(m+n-p-1)/2}{}_0F_1(n/2\,;\,\Theta\Sigma^{-1}T^{1/2}(I-L)T^{1/2}/4)dT,$$
$$0<L<I.$$

Bewys/ ...

Bewys.

Stel $L = T^{-1/2}AT^{-1/2}$, $T = A+B$, in die gesamentlike verdeling van A en B. Die jakobiaan van die transformasie is $J(A,B \rightarrow L,T) = |T|^{(p+1)/2}$. Integreer na T en die stelling is bewys. Met verwysing na die werk van Troskie (1966) is 2.2.1 'n nie-sentrale meerveranderlike beta-verdeling van die eerste soort van volle rang.

Alhoewel die verdeling van L nie in 'n eksplisiete vorm geskryf kan word nie, kan die h-de momente van $|L|$ en $|I-L|$ gevind word deur gebruik te maak van die integraal (Constantine (1963))

2.2.2 $\int_0^I |L|^{a-(p+1)/2}|I-L|^{b-(p+1)/2}\, C_K(R(I-L))\, dL$

$$= \Gamma_p(a)\Gamma_p(b,K)C_K(R)/\Gamma_p(a+b,K)$$

en die integraal 1.3.4 respektiewelik.

Dit is

2.2.3 $E|L|^h = \Gamma_p(m/2 +h)/(\Gamma_p(m/2)\Gamma_p((m+n)/2 +h)|2\Sigma|^{(m+n)/2})$

$$\mathrm{esp}(-\theta/2)\int_{T>0}\mathrm{esp}(-\Sigma^{-1}T/2)|T|^{(m+n-p-1)/2}$$

$$_0F_1((m+n)/2 +h\ ;\ \theta\Sigma^{-1}T/4)dT$$

$$= \Gamma_p(m/2 +h)\Gamma_p((m+n)/2)/(\Gamma_p(m/2)\Gamma_p((m+n)/2 +h))$$

$$\mathrm{esp}(-\theta/2)\,{}_1F_1((m+n)/2\ ;\ (m+n)/2 +h\ ;\ \theta/2).$$

Soortgelyk is

2.2.4 $E|I-L|^h = \Gamma_p(n/2 +h)\Gamma_p((m+n)/2)/(\Gamma_p(n/2)\Gamma_p((m+n)/2 +h))$

$$\mathrm{esp}(-\theta/2)\,{}_2F_2((m+n)/2,n/2 +h\ ;\ n/2,(m+n)/2 +h\ ;$$

$$\theta/2).$$

Indien $\theta = 0$ volg uit 2.2.1 deur gebruik te maak van 1.3.2, die sentrale verdeling van L

$$\beta_1(L\ ;\ m/2,n/2) = \Gamma_p((m+n)/2)/(\Gamma_p(m/2)\Gamma_p(n/2))|L|^{(m-p-1)/2}$$

$$|I-L|^{(n-p-1)/2},\quad 0<L<I.$$

Om die/ ...

Om die verdeling van L te definieer indien Θ van rang $r<p$ is, moet die verdelings van A en B in hulle kanoniese vorm beskou word. Aangesien 'n nie-singuliere matriks F sodanig bestaan dat (Anderson (1958)) $F\Sigma F' = I$ en $FMM'F' = \Theta$ (Θ diagonaal), kan die verdeling van B in sy kanoniese vorm geskrywe word onder die transformasie $FBF' = B$, naamlik $B \sim W(I,n,\Theta)$. Laasgenoemde B is nie dieselfde as eersgenoemde nie en Θ is nou 'n diagonaal matriks. Voer dieselfde transformasie op A uit, naamlik $FAF' = A$, dan is $A \sim W(I,m)$. Die verdeling van L is nie invariant ten opsigte van hierdie transformasies nie terwyl $|L|$ wel is. Die volgende afleiding kan nou bewys word.

Afleiding 2.2.1

Indien $A \sim W(I,m)$ en $B \sim W(I,n,\Theta)$, Θ diagonaal en van rang $r<p$, word die verdelingsfunksie van L gegee deur

2.2.5 $$\beta_1(L\,;\,m/2,n/2,\Theta_r/2) = \Gamma_p((m+n)/2)/(\Gamma_p(m/2)\Gamma_p(n/2)$$
$$\Gamma_r((m+n)/2)|2I_r|^{(m+n)/2})\operatorname{esp}(-\Theta_r/2)|L|^{(m-p-1)/2}$$
$$|I-L|^{(n-p-1)/2}\int_{T_{11}>0}\operatorname{esp}(-T_{11}/2)|T_{11}|^{(m+n-r-1)/2}$$
$${}_0F_1(n/2\,;\tfrac{1}{4}\Theta_r T_{11}{}^{1/2}(I-L_{11})T_{11}{}^{1/2})dT_{11}$$

waar Θ_r van orde r is.

Bewys.

Laat $\Sigma=I$ en Θ diagonaal wees in 2.2.1, dan is die verdeling van L

2.2.6 $$[\Gamma_p(m/2)\Gamma_p(n/2)|2I_p|^{(m+n)/2}]^{-1}\operatorname{esp}(-\Theta/2)|L|^{(m-p-1)/2}$$
$$|I-L|^{(n-p-1)/2}\int_{T>0}\operatorname{esp}(-T/2)|T|^{(m+n-p-1)/2}$$
$${}_0F_1(n/2\,;\,\Theta T^{1/2}(I-L)T^{1/2}/4)dT.$$

Aangesien Θ van rang r is, is $\Theta = \begin{pmatrix}\Theta_r & 0\\ 0 & 0\end{pmatrix}$ waar Θ_r van orde r is. Laat $T = \begin{pmatrix}T_{11} & 0\\ T_{21} & T_{22}\end{pmatrix}$ en $L = \begin{pmatrix}L_{11} & L_{12}\\ L_{21} & L_{22}\end{pmatrix}$ sodanig dat T_{11} en

L_{11} van/ ...

L_{11} van orde r is. Aangesien T onderdriehoekig is, is $T^{1/2}$ onderdriehoekig en wel van die vorm

2.2.7 $$T^{1/2} = \begin{pmatrix} T_{11}^{1/2} & 0 \\ T_{21}^{+} & T_{22}^{+} \end{pmatrix}.$$

Die argument van die hipergeometriese funksie in 2.2.6 kan derhalwe geskrywe word as

2.2.8 $$\theta T^{1/2}(I-L)T^{1/2} = \begin{pmatrix} \theta_r T_{11}^{1/2}(I-L_{11})T_{11}^{1/2} & 0 \\ 0 & 0 \end{pmatrix}$$

Deur gebruik te maak van 1.2.10, d.i.

2.2.9 $$C_K(\theta T^{1/2}(I-L)T^{1/2}/4) = C_K(\theta_r T_{11}^{1/2}(I-L_{11})T_{11}^{1/2}/4),$$
$$K_{i>r}=0,$$

kan die verdelingsfunksie van L geskrywe word as

2.2.10 $$[\Gamma_p(m/2)\Gamma_p(n/2)|2I_p|^{(m+n)/2}]^{-1}\text{esp}(-\theta_r/2)|L|^{(m-p-1)/2}$$
$$|I-L|^{(n-p-1)/2}\int_{T>0}\text{esp}(-T/2)|T|^{(m+n-p-1)/2}$$
$$_0F_1(n/2\ ;\ \theta_r T_{11}^{1/2}(I-L_{11})T_{11}^{1/2}/4)dT.$$

Aangesien

2.2.11 $$\int_{T>0}\text{esp}(-T/2)|T|^{(m+n-p-1)/2}\, dT_{12}dT_{22}$$
$$= \Gamma_p((m+n)/2)|2I_p|^{(m+n)/2}/(\Gamma_r((m+n)/2)|2I_r|^{(m+n)/2})$$
$$|T_{11}|^{(m+n-r-1)/2}\text{esp}(-T_{11}/2),$$

volg die afleiding. Die integraal 2.2.11 volg uit die eienskap dat die diagonaal-elemente van 'n Wishart-veranderlike weer Wishart is (Anderson (1958)).

2.2.5 is 'n nie-sentrale meerveranderlike beta-verdeling van die eerste soort van rang r.

Indien r=1 word 2.2.5

2.2.12 $\beta_1(L\ ;\ m/2,n/2,\theta_1/2)/$ ...

2.2.12 $\beta_1(L ; m/2, n/2, \theta_1/2) = \Gamma_p((m+n)/2)/(\Gamma_p(m/2)\Gamma_p(n/2)$

$\Gamma((m+n)/2)2^{(m+n)/2}) \; e^{-\theta_1/2}|L|^{(m-p-1)/2}$

$|I-L|^{(n-p-1)/2} \int_{t_{11}>0} e^{-t_{11}/2} \; t_{11}^{(m+n-2)/2}$

${}_0F_1(n/2 \; ;\tfrac{1}{4}\theta_1 t_{11}(1-l_{11}))dt_{11}$

$= \Gamma_p((m+n)/2)/(\Gamma_p(m/2)\Gamma_p(n/2))$

$e^{-\theta_1/2}|L|^{(m-p-1)/2}|I-L|^{(n-p-1)/2}$

${}_1F_1((m+n)/2 \; ; \; n/2 \; ; \; \theta_1(1-l_{11})/2).$

Hierdie verdeling is die nie-sentrale meerveranderlike beta van die eerste soort in die lineêre geval soos afgelei deur Kshirsagar (1961).

Die h-de momente van $|L|$ en $|I-L|$ in die geval $r<p$ kan uit 2.2.5 herlei word, maar dit kan sondermeer uit 2.2.3 en 2.2.4 respektiewelik soos volg gevind word: As Θ van rang r is, bestaan 'n ortogonale matriks C sodanig dat

$$C\Theta C' = \begin{pmatrix} \theta_r & 0 \\ 0 & 0 \end{pmatrix}.$$

Die momente is invariant ten opsigte van so 'n ortogonale transformasie. Deur van 1.2.10 gebruik te maak, volg dus

2.2.13 $E|L|^h = \Gamma_p(m/2 +h)\Gamma_p((m+n)/2)/(\Gamma_p(m/2)\Gamma_p((m+n)/2 +h))$

$\text{esp}(-\theta_r/2)\,{}_1F_1((m+n)/2 \; ; \; (m+n)/2 +h \; ; \; \theta_r/2)$

en

2.2.14 $E|I-L|^h = \Gamma_p(n/2 +h)\Gamma_p((m+n)/2)/(\Gamma_p(n/2)\Gamma_p((m+n)/2 +h))$

$\text{esp}(-\theta_r/2)\,{}_2F_2((m+n)/2, n/2 +h \; ; \; n/2, (m+n)/2 +h \; ; \; \theta_r/2).$

<u>Stelling 2.2.2</u>

Indien $A \sim W(\Sigma, m, \Theta)$ en $B \sim W(\Sigma, n)$, Θ van rang p, word die verdelingsfunksie van L gegee deur

2.2.15 $\beta_1(L$ / ...

2.2.15 $\beta_1(L\ ;\ m/2,n/2,\theta/2) = [\Gamma_p(m/2)\Gamma_p(n/2)|2\Sigma|^{(m+n)/2}]^{-1}$

$$\mathrm{esp}(-\theta/2)|L|^{(m-p-1)/2}|I-L|^{(n-p-1)/2}\int_{T>0}$$

$$\mathrm{esp}(-\Sigma^{-1}T/2)|T|^{(m+n-p-1)/2}\,{}_0F_1(m/2\ ;\tfrac{1}{4}\theta\Sigma^{-1}T^{1/2}LT^{1/2})$$

$$dT.$$

Bewys.

Die bewys is dieselfde as die van stelling 2.2.1.

Deur gebruik te maak van die integrale (sien 2.2.2)

2.2.16 $\int_0^I |L|^{b-(p+1)/2}|I-L|^{a-(p+1)/2}\ C_K(RL)\ dL$

$$= \Gamma_p(b,K)\Gamma_p(a)C_K(R)/\Gamma_p(b+a,K)$$

en 1.3.4 respektiewelik, volg uit 2.2.15 dat

2.2.17 $E|L|^h = \Gamma_p(m/2\ +h)\Gamma_p((m+n)/2)/(\Gamma_p(m/2)\Gamma_p((m+n)/2\ +h))$

$$\mathrm{esp}(-\theta/2)\,{}_2F_2((m+n)/2,m/2\ +h\ ;\ m/2,(m+n)/2\ +h\ ;\ \theta/2)$$

en

2.2.18 $E|I-L|^h = \Gamma_p(n/2\ +h)\Gamma_p((m+n)/2)/(\Gamma_p(n/2)\Gamma_p((m+n)/2\ +h))$

$$\mathrm{esp}(-\theta/2)\,{}_1F_1((m+n)/2\ ;\ (m+n)/2\ +h\ ;\ \theta/2).$$

Afleiding 2.2.2

Indien $A\sim W(I,m,\theta)$ en $B\sim W(I,n)$, θ diagonaal en van rang $r<p$, word die verdeling van L

2.2.19 $\beta_1(L\ ;\ m/2,n/2,\theta_r/2) = \Gamma_p((m+n)/2)/(\Gamma_p(m/2)\Gamma_p(n/2)$

$$\Gamma_r((m+n)/2)|2I_r|^{(m+n)/2})\ \mathrm{esp}(-\theta_r/2)|L|^{(m-p-1)/2}$$

$$|I-L|^{(n-p-1)/2}\int_{T_{11}>0}\mathrm{esp}(-T_{11}/2)|T_{11}|^{(m+n-r-1)/2}$$

$${}_0F_1(m/2\ ;\ \theta_r T_{11}{}^{1/2}L_{11}T_{11}{}^{1/2}/4)dT_{11}.$$

Bewys.

Die bewys is dieselfde as die van afleiding 2.2.1.

Uit 2.2.17 en 2.2.18 volg nou sondermeer dat

2.2.20 $E|L|^h = \Gamma_p(m/2 + h)\Gamma_p((m+n)/2)/(\Gamma_p(m/2)\Gamma_p((m+n)/2 + h))$

$\text{esp}(-\theta_r/2)\,{}_2F_2((m+n)/2, m/2 + h\ ;\ m/2, (m+n)/2 + h\ ;$

$\theta_r/2)$

en

2.2.21 $E|I-L|^h = \Gamma_p(n/2 + h)\Gamma_p((m+n)/2)/(\Gamma_p(n/2)\Gamma_p((m+n)/2 + h))$

$\text{esp}(-\theta_r/2)\,{}_1F_1((m+n)/2\ ;\ (m+n)/2 + h\ ;\ \theta_r/2)$

indien θ van rang r is.

Stelling 2.2.3

Indien $A \sim W(\Sigma_1, m)$ en $B \sim W(\Sigma_2, n)$ word die verdelingsfunksie van L gegee deur

2.2.22 $f(L) = [\Gamma_p(m/2)\Gamma_p(n/2)|2\Sigma_1|^{m/2}|2\Sigma_2|^{n/2}]^{-1}|L|^{(m-p-1)/2}$

$|I-L|^{(n-p-1)/2} \int_{T>0} \text{esp}(-\Sigma_2^{-1}T/2)|T|^{(m+n-p-1)/2}$

${}_0F_0(-T^{1/2}(\Sigma_1^{-1}-\Sigma_2^{-1})T^{1/2}L/2)dT.$

Bewys.

Die gesamentlike verdelingsfunksie van A en B word gegee deur

2.2.23 $[\Gamma_p(m/2)\Gamma_p(n/2)|2\Sigma_1|^{m/2}|2\Sigma_2|^{n/2}]^{-1}|A|^{(m-p-1)/2}|B|^{(n-p-1)/2}$

$\text{esp}(-(\Sigma_1^{-1}A+\Sigma_2^{-1}B)/2).$

Onder die substitusie $L = T^{-/2}AT^{-1/2}$, $T = A+B$, kan die eksponent-term geskrywe word as

$\text{esp}(-(\Sigma_1^{-1}A+\Sigma_2^{-1}B)/2)$

$= \text{esp}(-(\Sigma_1^{-1}T^{1/2}LT^{1/2} + \Sigma_2^{-1}T^{1/2}(I-L)T^{1/2})/2)$

$= \text{esp}(-(T^{1/2}(\Sigma_1^{-1}-\Sigma_2^{-1})T^{1/2}L + \Sigma_2^{-1}T)/2)$

$= \text{esp}(-\Sigma_2^{-1}T/2)\ {}_0F_0(-T^{1/2}(\Sigma_1^{-1}-\Sigma_2^{-1})T^{1/2}L/2).$

Integrasie na T in die gesamentlike verdeling van L en T lewer die stelling. Hierdie verdeling word ook geklassifiseer as 'n nie-sentrale meerveranderlike beta-verdeling van

die eerste/ ...

die eerste soort.

Die h-de momente van $|L|$ en $|I-L|$ indien L verdeel is soos in 2.2.22, kan gevind word deur gebruik te maak van 2.2.16 en 1.3.4 respektiewelik. Derhalwe is

2.2.24 $$E|L|^h = \Gamma_p((m+n)/2)\Gamma_p(m/2 + h)/(\Gamma_p(m/2)\Gamma_p((m+n)/2 + h)) \\ |\Sigma_1^{-1}\Sigma_2|^{m/2} {}_2F_1((m+n)/2, m/2 + h \ ; \ (m+n)/2 + h \ ; \\ I-\Sigma_1^{-1}\Sigma_2)$$

en

2.2.25 $$E|I-L|^h = \Gamma_p((m+n)/2)\Gamma_p(n/2 + h)/(\Gamma_p(n/2)\Gamma_p((m+n)/2 + h)) \\ |\Sigma_1^{-1}\Sigma_2|^{m/2} {}_2F_1(m/2, (m+n)/2 \ ; \ (m+n)/2 + h \ ; \ I-\Sigma_1^{-1}\Sigma_2)$$

Indien h=0 in enige van bogenoemde momente volg die resultaat soos gegee deur James (1964)

$${}_1F_0(m/2 \ ; \ I-S) = |S|^{-m/2}.$$

2.3 Asimptotiese verdelings vir $|L|$ en $|I-L|$.

Die volgende benaderings-prosedure sal gebruik word (Box (1949), Anderson (1958)):

Beskou 'n funksie g met voorskrif

2.3.1 $$g(t) = C(x^{px}/\textstyle\prod_{h=1}^{q} x_h^{px_h})^{-2it\rho} \prod_{j=1}^{p}(\prod_{h=1}^{q}\Gamma(\rho x_h(1-2it) + \\ \beta_h + \nu_j)/\Gamma(\rho x(1-2it) + \beta + \nu_j + \gamma_j))$$

waar C 'n konstante is sodanig dat $g(0) = 1$, ρ 'n gekose konstant, $\Sigma_h x_h = x$, $\beta_h = (1-\rho)x_h$, $\beta = (1-\rho)x$ en $i = (-1)^{1/2}$.

Deur gebruik te maak van die benadering

$$\log\Gamma(x+h) = \log\sqrt{(2\pi)} + (x+h-1/2)\log x - x - \Sigma_{r=1}^{m}((-1)^r B_{r+1}(h)/ \\ r(r+1)x^r) + R_{m+1}(x)$$

waar $R_{m+1}(x) = O(x^{-(m+1)})$ en $B_r(h)$ die r-de graads Bernoulli-polinoom is [1], kan die funksie g geskryf word as

2.3.2 $g(t) = (1-2it)^{-f/2}(1 + T_1(t) + T_2(t) + -- + R)$

R is 'n resterm wat willekeurig klein gemaak kan word.

2.3.3 $f = \Sigma_{j=1}^{p}((q-1)(1-2\nu_j) + 2\gamma_j)$

2.3.4 $T_1(t) = \omega_1((1-2it)^{-1} - 1)$,

$T_2(t) = \omega_2((1-2it)^{-2}-1) + \frac{1}{2}\omega_1{}^2((1-2it)^{-2}-2(1-2it)^{-1}+1)$,

----

2.3.5 $\omega_r = (-1)^{r+1}/(r(r+1)\rho^r)\ \Sigma_{j=1}^{p}(\Sigma_{h=1}^{q} B_{r+1}(\beta_h+\nu_j)/x_h{}^r -$

$B_{r+1}(\beta+\nu_j+\gamma_j)/x^r)$.

Deur gebruik te maak van die uitdrukking vir $B_2(h)$ volg

2.3.6 $\omega_1 = (1/2\rho)(\Sigma_j((\Sigma_h \frac{1}{x_h} - \frac{1}{x})(\nu_j{}^2-\nu_j+1/6) - (\gamma_j{}^2+2\gamma_j\nu_j-\gamma_j)/x)$

$- (1-\rho)f)$.

2.3.1 is 'n meer algemene vorm waaruit volg dat as q=1

2.3.7 $g(t) = C\prod_{j=1}^{p}(\Gamma(\rho x(1-2it)+\beta+\nu_j)/\Gamma(\rho x(1-2it)+\beta+\nu_j+\gamma_j))$.

2.3.2 bly dieselfde, maar nou is

2.3.8 $f = 2\Sigma_j\gamma_j$ en

2.3.9 $\omega_1 = (-1/2\rho)(\Sigma_j(\gamma_j{}^2+2\gamma_j\nu_j-\gamma_j)/x + (1-\rho)f)$

Die volgende stellings kan nou bewys word.

<u>Stelling 2.3.1</u>

Indien $A \sim W(\Sigma,m)$ en $B \sim W(\Sigma,n,\Theta)$, Θ van rang p, dan word

---

1) $O(x^{-(m+1)})$ beteken dat $|x^{m+1}R_{m+1}(x)|$ begrens is as $|x| \to \infty$.

Die eerste drie Bernoulli-polinome is $(B_0(h)=1)$

$B_1(h) = h - 1/2$

$B_2(h) = h^2 - h + 1/6$

$B_3(h) = h^3 - 3h^2/2 + 3h$.

die asimptotiese-/ ..

die asimptotiese verdeling van $|L|$ gegee deur

2.3.10 $$P(-a\log|L| \leq z) = \Sigma_{k=0}^{\infty} P(\chi^2_{f_k} \leq z)P(k) + \mathrm{esp}(-\theta/2)\Sigma_{k=0}\Sigma_K$$

$$(P(\chi^2_{f_k+2} \leq z) - P(\chi^2_{f_k} \leq z))\omega_{1k}C_K(\theta/2)/k! + O(m^{-2})$$

waar $a=\rho m$, $\rho=1+(n-p-1)/2m$, $f_k = np+2k$,

$\omega_{1k} = (-1/\rho)((1-\rho+n/m)k + (\Sigma_j K_j{}^2 - \Sigma_j K_j j)/m)$ en

$P(k) = \mathrm{esp}(-\theta/2)(\mathrm{sp}\theta/2)^k/k!$.

Bewys.

Stel $W = |L|^{m/2}$ en $M = -2\log W$. Die karakteristieke-funksie van ρM kan nou in 'n vorm geskrywe word wat 2.3.7 bevat deur gebruik te maak van 2.2.3, d.i.

2.3.11 $$\phi_{\rho M}(t) = E|L|^{-it\rho m}$$

$$= \Gamma_p(m(1-2it\rho)/2)\Gamma_p((m+n)/2)/(\Gamma_p(m/2)$$

$$\Gamma_p(m(1-2it\rho)/2 + n/2))\ \mathrm{esp}(-\theta/2)$$

$$ {}_1F_1((m+n)/2\ ;\ m(1-2it\rho)/2 + n/2\ ;\ \theta/2)$$

$$= \mathrm{esp}(-\theta/2)\Sigma_{k=0}\Sigma_K[\Gamma_p((m+n)/2,K)\Gamma_p(m(1-2it\rho)/2)/$$

$$\Gamma_p(m/2)\Gamma_p(m(1-2it\rho)/2 + n/2,K)]\ C_K(\theta/2)/k!.$$

Die term in vierkante-hakies is van die vorm 2.3.7 indien van die meerveranderlike gamma-uitdrukking (1.2.3) gebruik gemaak word met $x = n/2$, $\nu_j = (1-j)/2$ en $\gamma_j = n/2 + K_j$. Deur gebruik te maak van 2.3.2 kan 2.3.11 geskrywe word as

2.3.12 $$\phi(t) = \mathrm{esp}(-\theta/2)\Sigma_k\Sigma_K(1-2it)^{-f_k/2}(1 + T_{1k}(t) +\cdots+ R_k)$$

$$C_K(\theta/2)/k!$$

waar k die k-de term aandui. Volgens 2.3.8 en 2.3.9 respektiewelik volg

2.3.13 $f_k = np + 2k$

en 2.3.14/ ...

en

2.3.14 $\omega_{1k} = (-1/2\rho)((1-\rho)f_k + n(p(n-p-1)/2 + 2k)/m + 2(\Sigma_j K_j^2 - \Sigma_j K_j j)/m).$

Dit blyk dus dat f_k onafhanklik van K is. Deur van 2.3.4 gebruik te maak en die eienskap

$$\Sigma_K C_K(\theta/2) = (\mathrm{sp}\theta/2)^k \qquad (1.2.4)$$

is

2.3.15 $\phi(t) = \Sigma_{k=0}(1-2it)^{-f_k/2}P(k) + \mathrm{esp}(-\theta/2)\Sigma_k\Sigma_K\omega_{1k}$
$((1-2it)^{-(f_k+2)/2} - (1-2it)^{-f_k/2})C_K(\theta/2)/k! + O(m^{-2})$

waar $P(k) = \mathrm{esp}(-\theta/2)(\mathrm{sp}\theta/2)^k$.

Deur nou die inverse van $\phi(t)$ te neem (sien Anderson (1958) bls. 206), volg die verdeling van ρM, d.i.

2.3.16 $P(\rho M \leq z) = \Sigma_k P(\chi^2_{f_k} \leq z)P(k) + \mathrm{esp}(-\theta/2)\Sigma_k\Sigma_K\omega_{1k}$
$(P(\chi^2_{f_k+2} \leq z) - P(\chi^2_{f_k} \leq z))C_K(\theta/2)/k! + O(m^{-2})$.

Die waarde van ρ kan gevind word deur in 2.3.14 $\omega_{10}=0$ te stel en vir ρ op te los. Dus

2.3.17 $\rho = 1 + (n-p-1)/2m.$

2.3.16 word nou

2.3.18 $P(\rho M \leq z) = P(-a\log|L| \leq z) = \Sigma_k P(\chi^2_{f_k} \leq z)P(k) + \mathrm{esp}(-\theta/2)$
$\Sigma_k\Sigma_K\omega_{1k}(P(\chi^2_{f_k+2} \leq z) - P(\chi^2_{f_k} \leq z))C_K(\theta/2)/k! + O(m^{-2})$

waar $a = \rho m = m + (n-p-1)/2$ en

2.3.19 $\omega_{1k} = (-1/\rho)((1-\rho+n/m)k + (\Sigma_j K_j^2 - \Sigma_j K_j j)/m).$

Dit bewys die stelling.

Indien $\theta=0$ word 2.3.10

$$P(-a\log|L| \leq z) = P(\chi^2_{f_0} \leq z) + O(m^{-2}),$$

maar in Anderson (1958) is die verdeling afgelei met resterm

$O(m^{-6})$/ ...

$O(m^{-6})$, naamlik

2.3.20 $P(-a\log|L|\leq z) = P(\chi^2_{f_0}\leq z) + \delta_2(P(\chi^2_{f_0+4}\leq z)-P(\chi^2_{f_0}\leq z))/a^2 +$

$\delta_4(P(\chi^2_{f_0+8}\leq z)-P(\chi^2_{f_0}\leq z))/a^4 - \delta_2^2(P(\chi^2_{f_0+4}\leq z)-$

$P(\chi^2_{f_0}\leq z))/a^4 + O(m^{-6})$

waar

$$\delta_2 = np(p^2 + n^2 - 5)/48$$

$$\delta_4 = \delta_2^2/2 + np(3p^4 + 3n^4 + 10p^2n^2 - 50p^2 - 50n^2 + 159)/1920$$

In plaas van $\omega_{10}=0$ te neem, kan, sê $\omega_{1d}=0$ geneem word in 'n poging om die tweede term in 2.3.16 nul of klein te maak. Laat $\tau = (\tau_1,\tau_2,--,\tau_p)$, $\tau_1\geq\tau_2\geq --\geq\tau_p\geq 0$, 'n opsplitsing van d in nie meer as p komponente wees nie. Stel dus $\omega_{1d}=0$ en los op vir ρ, d.i.

2.3.21 $\rho = 1 +(n/(m(np+2d)))(p(n-p-1)/2 +2d) + 2(\Sigma_j\tau_j^2-\Sigma_j\tau_j j)/$

$(m(np+2d))$.

ω_{1k} kan nou geskrywe word as

2.3.22 $\omega_{1k} = (-1/\rho)((1-\rho+n/m)(k-d) + (\Sigma_j K_j^2-\Sigma_j\tau_j^2-\Sigma_j K_j j+$

$\Sigma_j\tau_j j)/m$.

Indien d=0 reduseer 2.3.21 en 2.3.22 na 2.3.17 en 2.3.19 respektiewelik. Indien die waarde van d gevind kan word, wat baie moeilik blyk te wees, kan 2.3.10 geskrywe word as

2.3.23 $P(-a\log|L|\leq z) = \Sigma_{k=0}P(\chi^2_{f_k}\leq z)P(k) + O(m^{-2})$

waar $a=\rho m$ en ρ gedefinieer is in 2.3.21.

Afleiding 2.3.1

Indien $A\sim W(\Sigma,m)$ en $B\sim W(\Sigma,n,\Theta)$, Θ van rang $r<p$, word die asimptotiese verdeling van $|L|$ gegee deur

2.3.24 $P(-a\log|L|\leq z) = \Sigma_{k=0}P(\chi^2_{f_k}\leq z)P(k) + \exp(-\theta_r/2)\Sigma_k\Sigma_K\omega_{1k}$

$(P(\chi^2_{f_k+2}\leq z)-P(\chi^2_{f_k}\leq z))C_K(\theta_r/2)/k! + O(m^{-2})$

waar die/ ...

waar die parameters gedefinieer is in stelling 2.3.1. K is nou 'n opsplitsing van k in nie meer as r komponente nie en Θ_r is van orde r.

Bewys.

Aangesien Θ van rang $r<p$ is, bestaan 'n ortogonale matriks C sodanig dat $C\Theta C' = \begin{pmatrix} \Theta_r & 0 \\ 0 & 0 \end{pmatrix}$. Deur van 1.2.10 gebruik te maak, volg die afleiding sondermeer uit 2.3.10.

Alternatiewe bewys.

2.3.24 kan ook bewys word uit 2.2.13 deur $W = |L|^{m/2}$ en $M = -2\log W$ te stel. Die karakteristieke-funksie van ρM kan dus geskrywe word

2.3.25 $$\phi(t) = \Gamma_r(m(1-2it\rho)/2)\Gamma_r((m+n)/2)/(\Gamma_r(m/2)$$
$$\Gamma_r(m(1-2it\rho)/2 +n/2))\ \mathrm{esp}(-\Theta_r/2)\,{}_1F_1((m+n)/2\ ;$$
$$m(1-2it\rho)/2 +n/2\ ;\ \Theta_r/2)\ \prod_{j=r+1}^{p}\Gamma((m+n+1-j)/2)$$
$$\Gamma(m(1-2it\rho)/2 +(1-j)/2)/(\Gamma((m+1-j)/2)$$
$$\Gamma(m(1-2it\rho)/2 +n/2 +(1-j)/2))$$
$$= \phi^1(t)\ \phi^2(t)$$

waar

2.3.26 $$\phi^1(t) = \Gamma_r(m(1-2it\rho)/2)\Gamma_r((m+n)/2)/(\Gamma_r(m/2)$$
$$\Gamma_r(m(1-2it\rho)/2 +n/2))\ \mathrm{esp}(-\Theta_r/2)\,{}_1F_1((m+n)/2\ ;$$
$$m(1-2it\rho)/2 +n/2\ ;\ \Theta_r/2)$$

en

2.3.27 $$\phi^2(t) = \prod_{j=r+1}\Gamma((m+n+1-j)/2)\Gamma(m(1-2it\rho)/2 +(1-j)/2)/$$
$$(\Gamma((m+1-j)/2)\Gamma(m(1-2it\rho)/2 +n/2 +(1-j)/2)).$$

$\phi^1(t)$ is dieselfde as 2.3.11 behalwe dat p nou r is. Dus volgens 2.3.12 is

2.3.28 $\phi^1(t)/$ ...

2.3.28 $\phi^1(t) = \mathrm{esp}(-\Theta_r/2)\Sigma_k\Sigma_K(1-2it)^{-f_k^1/2}(1+T_{1k}^1(t))C_K(\Theta_r/2)/k!$

$+ O(m^{-2})$

waar

$f_k^1 = nr + 2k, \quad T_{1k}^1(t) = \omega_{1k}^1((1-2it)^{-1}-1)$ en

$\omega_{1k}^1 = (-1/2\rho)((1-\rho)f_k^1 + n(r(n-r-1)/2 + 2k)/m + 2(\Sigma_j^r K_j{}^2 - \Sigma_j^r K_j j)/m)$

$\phi^2(t)$ kan ook in die vorm 2.3.7 geskrywe word met $x = m/2$, $\nu_j = (1-j)/2$ en $\gamma_j = n/2$. Dus volgens 2.3.2 is

2.3.29 $\phi^2(t) = (1-2it)^{-f^2/2}(1 + T_1^2(t)) + O(m^{-2})$

waar

$f^2 = n(p-r), \quad T_1^2(t) = \omega_1^2((1-2it)^{-1}-1)$ en

$\omega_1^2 = (-1/2\rho)((1-\rho)f^2 + 2(n^2(p-r)/4 - (p-r)(r+1+p)n/4)/m)$

Deur nou gebruik te maak van 2.3.28 en 2.3.29 kan 2.3.25 geskrywe word as

2.3.30 $\phi(t) = \mathrm{esp}(-\Theta_r/2)\Sigma_k\Sigma_K(1-2it)^{-f_k/2}(1 + T_{1k}(t))$

$C_K(\Theta_r/2)/k! + O(m^{-2})$

waar

2.3.31 $f_k = f_k^1 + f^2 = np + 2k.$

$T_{1k}(t) = T_{1k}^1(t) + T_1^2(t) = \omega_{1k}((1-2it)^{-1}-1)$ en

2.3.33 $\omega_{1k} = \omega_{1k}^1 + \omega_1^2 = (-1/2\rho)((1-\rho)f_k + n(p(n-p-1)/2 + 2k)/m$

$+ 2(\Sigma_j^r K_j{}^2 - \Sigma_j^r K_j j)/m).$

Neem die inverse van 2.3.30 en die afleiding volg. Vergelyk die resultaat 2.3.30 met 2.3.12.

Spesiale aandag is gegee aan afleiding 2.3.1 indien r=1, d.i. die lineêre geval. Tabelle is naamlik bereken waaruit die akkuraatheid van die benadering getoets word aan die hand van eksakte waardes.

Die onderskeidingsvermoë van die $|L|$-toets.

Laat r=1 in 2.3.24. Laat $\Theta_1 = \lambda$ (skalar). Aangesien

$C_K(\lambda/2)/$ ...

$C_K(\lambda/2) = (\lambda/2)^k$, kan 2.3.24 geskrywe word as

$$2.3.33 \quad P(-a\log|L|\leq z) = \Sigma_{k=0}P(\chi^2_{f_k}\leq z)P(k) + \Sigma_{k=0}(P(\chi^2_{f_k+2}\leq z)-$$

$$P(\chi^2_{f_k}\leq z))\omega_{1k}P(k) + O(m^{-2})$$

waar $P(k) = \text{eks}(-\lambda/2)(\lambda/2)^k/k!$, $f_k = np + 2k$,

$\omega_{1k} = (-1/\rho)((1-\rho+n/m)k + (k^2-k)/m)$, $\rho = 1 + (n-p-1)/2m$

en $a = \rho m$.

Veronderstel die hipotese Ho : $\lambda = 0$ met alternatief H_1 : $\lambda \neq 0$. 2.3.33 is dus die verdeling van $-a\log|L|$ onder H_1 terwyl 2.3.20 2.3.30 die verdeling van $-a\log|L|$ onder Ho is. Indien die waarskynlikheid van die tipe I-fout

$$P(I) = P(-a\log|L|/Ho \gtrless z_\alpha) = .05$$

gestel word, dan is waardes van die onderskeidingsvermoë-funksie $\beta_{.05} = 1 - P(II)$,

$$P(II) = P(-a\log|L|/H_1 \leq z_\alpha),$$ bereken en getabuleer.

Tabelle[2].

Voorgaande metodes is gebruik vir die opstel van die volgende tabelle. Tabel 1 gee die boonste 5% waardes van $-a\log|L|$, bereken volgens 2.3.30 vir p=2,3,4, n=4(2)12 en m=50,100,200, INF (INF is vir berekeningsdoeleindes verteenwoordig deur 999). Tabel 2 gee die waardes van die onderskeidingsvermoë-funksie bereken volgens 2.3.33 vir dieselfde waardes van p, n en m en λ=2,6,10,16,28 en 40. Tabel 3 gee 'n vergelyking van die eksakte waardes van $\beta_{.05}$ (Roy (1965)) met die benaderde waardes vir p=2, n=10 en m=50, 100 en INF. Tabel 4 gee 'n ver-

2) Die skrywer wens graag sy dank te betuig aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat vir finansiële hulp verleen vir die berekenings en Mnr. L. J. C. Bootha vir die programmering van die materiaal.

gelyking/ ...

gelyking van die eksakte waardes, χ^2-benadering, gamma-benadering en die Jacobi-reeks benadering (Roy (1965)) vir p=2, n=4 en m=50, 100.

Uit tabel 3 blyk dat die benadering goed is en volgens tabel 4 blyk die benadering selfs beter te wees as die ander benaderings vir λ=10.

Tabel 1.

BOONSTE 5% WAARDES VAN -aLOG|L| MET p VERANDERLIKES EN m EN n GRADE VAN VRYHEID.

p = 2

n / m	4	6	8	10	12
50	15.517707	21.055036	26.358241	31.520915	36.591834
100	15.510485	21.033507	26.312565	31.439794	36.462897
200	15.508650	21.027942	26.300528	31.417964	36.427542
INF	15.508061	21.026134	26.296546	31.410698	36.415596

p = 3

n / m	4	6	8	10	12
50	21.043612	28.914605	36.507109	43.933948	51.253291
100	21.030440	28.880808	36.438911	43.815423	51.066769
200	21.027155	28.872182	36.421585	43.783938	51.016214
INF	21.026097	28.869388	34.415334	43.773473	50.999246

p = 4

n / m	4	6	8	10	12
50	26.326168	36.482469	46.323383	55.977935	65.512777
100	26.303734	36.432046	46.227379	55.815837	65.261580
200	26.298209	36.419350	46.202668	55.773217	65.194250
INF	26.296451	36.415260	46.194614	55.759164	65.171826

Tabel 2.

CHI-KWADRAAT BENADERING VIR DIE ONDERSKEIDINGSVERMOë VAN DIE |L|-TOETS IN DIE LINEêRE GEVAL MET p VERANDERLIKES, NIE-SENTRALE PARAMETER λ EN m EN n GRADE VAN VRYHEID.

$p = 2$

n=4 λ	2	6	10	16	28	40
m						
50	0.11963	0.31120	0.52011	0.76949	0.96921	0.99758
100	.12538	.33401	.55389	.79941	.97619	.99829
200	.12822	.34540	.57079	.81437	.97968	.99864
INF	.13047	.35451	.58431	.82636	.98248	.99892
n=6						
50	.10196	.24811	.42326	.67010	.93530	.99259
100	.10771	.27236	.46389	.71421	.95071	.99485
200	.11052	.28452	.48434	.73643	.95846	.99599
INF	.11274	.29425	.50077	.75430	.96470	.99691
n=8						
50	.09141	.20843	.35551	.58633	.89362	.98388
100	.09736	.23342	.40046	.64219	.91967	.98897
200	.10022	.24596	.42318	.67045	.93280	.99152
INF	.10243	.25600	.44147	.69328	.94340	.99357
n=10						
50	.08409	.18078	.30527	.51581	.84717	.97115
100	.09039	.20631	.35316	.58131	.88525	.98045
200	.09335	.21912	.37744	.61456	.90446	.98510
INF	.09559	.22934	.39701	.64148	.92002	.98887
n=12						
50	.07849	.16012	.26635	.45599	.79809	.95437
100	.08526	.18617	.31641	.52947	.84905	.96935
200	.08837	.19921	.34184	.56686	.87471	.97680
INF	.09066	.20957	.36233	.59718	.89555	.98283

p = 3

n	m \ λ	2	6	10	16	28	40
n=4	50	0.10288	0.25047	0.42615	0.67231	0.93575	0.99263
	100	.10819	.27378	.46577	.71580	.95111	.99490
	200	.11077	.28528	.48539	.73735	.95870	.99603
	INF	.11278	.29441	.50099	.75451	.96475	.99691
n=6	50	.08928	.19838	.33567	.55665	.87351	.97851
	100	.09443	.22141	.37921	.61470	.90441	.98533
	200	.09688	.23281	.40090	.64366	.91979	.98872
	INF	.09878	.24187	.41822	.66684	.93211	.99143
n=8	50	.08115	.16707	.27701	.46844	.80470	.56055
	100	.08645	.18978	.32224	.53647	.85273	.97025
	200	.08890	.20102	.34486	.57058	.87671	.97729
	INF	.09076	.20993	.36295	.59796	.89598	.98294
n=10	50	.07540	.14573	.23567	.39975	.73491	.92604
	100	.08106	.16834	.28174	.47475	.80015	.95019
	200	.08361	.17949	.30483	.51250	.83275	.96214
	INF	.08547	.18827	.32329	.54287	.85902	.97175
n=12	50	.07088	.12995	.20475	.34500	.66716	.88974
	100	.07707	.15267	.25134	.42505	.74892	.92606
	200	.07977	.16381	.27471	.46544	.78976	.94394
	INF	.08168	.17252	.29336	.49796	.82273	.95833

p = 4

n=4 λ / m	2	6	10	16	28	40
50	0.09308	0.21263	0.36097	0.59103	0.89488	0.98404
100	.09820	.23596	.40411	.64572	.92083	.98914
200	.10063	.24733	.42523	.67253	.93352	.99163
INF	.10251	.25629	.44192	.69374	.94358	.99360
n=6						
50	.08191	.16886	.27948	.47089	.80562	.95622
100	.08681	.19085	.32391	.53838	.85365	.97045
200	.08907	.20159	.34580	.57171	.87730	.97743
INF	.09079	.21005	.36316	.59822	.89612	.98297
n=8						
50	.07514	.14317	.22925	.38604	.71572	.91576
100	.08020	.16431	.27349	.46070	.78528	.94332
200	.08246	.17460	.29538	.49777	.81965	.95683
INF	.08412	.18267	.31273	.52735	.84711	.96761
n=10						
50	.07025	.12578	.19489	.32355	.63148	.86598
100	.07571	.14654	.23869	.40236	.72049	.90992
200	.07807	.15658	.26038	.44164	.76455	.93142
INF	.07974	.16439	.27755	.47302	.79984	.94861
n=12						
50	.06631	.11288	.16963	.27578	.55500	.81010
100	.07236	.13363	.21306	.35707	.66104	.87244
200	.07488	.14359	.23457	.39772	.71355	.90280
INF	.07659	.15124	.25154	.43020	.75568	.92710

Tabel 3.

VERGELYKING VAN EKSAKTE WAARDES EN CHI-KWADRAAT BENADERING VAN DIE ONDERSKEIDINGSVERMOë-FUNKSIE VAN $|L|$ VIR $p=2$ EN $n=10$.

m	50		100		INF	
λ	Exact	χ^2	Exact	χ^2	Exact	χ^2
2	0.0874	0.0841	0.0913	0.0904	0.0961	0.0956
6	.1910	.1808	.2092	.2063	.2319	.2293
10	.3208	.3053	.3574	.3532	.4019	.3970
16	.5257	.5158	.5835	.5813	.6483	.6415
28	.8283	.8472	.8797	.8853	.9240	.9200
40	.9545	.9712	.9765	.9805	.9828	.9889

Tabel 4

VERGELYKING VAN EKSAKTE WAARDES, CHI-KWADRAAT BENADERING, GAMMA-BENADERING EN JACOBI-REEKS BENADERING VAN DIE ONDERSKEIDINGSVERMOë-FUNKSIE VAN $|L|$ VIR $p=2$ EN $n=4$.

m=50 λ	Exact	χ^2	Gamma	Jacobi
2	0.1209	0.1196	0.1212	0.1201
10	.5225	.5201	.5033	.5017
m=100				
2	.1257	.1254	.1261	.1244
10	.5545	.5539	.5469	.5388

Stelling 2.3.2

Indien $A \sim W(\Sigma,m)$ en $B \sim W(\Sigma,n,\Theta)$, Θ van rang p, dan word die asimptotiese verdeling van $|I-L|$ gegee deur

2.3.34 $P(-a\log|I-L|\leq z) = P(\chi_f^2\leq z) + O(n^{-2})$

waar $a=n+(m-p-1)/2 + 2d/p$, $d = sp(\Theta/2)$ en $f = mp$.

Bewys.

Stel $V = |I-L|^{n/2}$ en $M = -2\log V$. Die karakteristieke funksie van ρM word dan volgens 2.2.4 gegee deur

2.3.35 $\phi_{\rho M}(t)/$ ...

2.3.35 $\phi(t) = E|I-L|^{-it\rho n}$

$$= \mathrm{esp}(-\theta/2)\Sigma_k\Sigma_K[\Gamma_p((m+n)/2,K)\Gamma_p(n(1-2it\rho)/2,K)/$$

$$\Gamma_p(n/2,K)\Gamma_p(n(1-2it\rho)/2 + m/2,K)]C_K(\theta/2)/k!.$$

Die term in vierkante hakies is van die vorm 2.3.7 met $x = m/2$, $\nu_j = (1-j)/2 + K_j$ en $\gamma_j = m/2$. Dus

2.3.36 $f = mp$

2.3.37 $\omega_{1k} = (-1/2\rho)(m(mp-p^2+4k-p)/2n + (1-\rho)f)$

Kies $\omega_{1d} = 0$ (d enige heelgetal) en los op vir ρ, d.i.

2.3.38 $\rho = 1 + 2d/np + (m-p-1)/2n.$

ω_{1k} kan derhalwe geskrywe word as

2.3.39 $\omega_{1k} = m(d-k)/a, \quad a = n\rho.$

$$(\Gamma((n-i+1)/2)\prod_j\Gamma((m_j-i+1)/2))$$

$$= E\prod_j|M_j|^{h_j}\cdot\prod_{i=r+1}^{p}E\prod_j y_{ij}^{\ h_j}$$

waar M_1, --, $M_q \sim D_2(m_1/2,--,m_q/2,n/2,\Theta_r/2)$ (M_j van orde r) en $y_{i1},--,y_{iq} \sim D_2((m_1-i+1)/2,--,(m_q-i+1)/2,(n-i+1)/2)$.

Laasgenoemde resultaat volg as gevolg van die feit

$$\Gamma((n-i+1)/2+h)\prod_j\Gamma((m_j-i+1)/2+h_j)/(\Gamma((n-i+1)/2)\prod_j\Gamma((m_j-i+1)/2))$$

$$= \int\!-\,-\!\int_{y_{ij}>0}\prod_j y_{ij}^{\ h_j}\ D_2(y_{i1},--,y_{iq}\ ;\ (m_1-i+1)/2,--,(m_q-i+1)/2,$$

$$(n-i+1)/2)\prod_j dy_{ij}.$$

4.5 Die verdeling van $\Sigma_{j=1}^{q}\mathrm{sp}V_j$.

Stelling 4.5.1

Indien $A_j \sim W(\Sigma,m_j)$ $(j=1,--,q)$ en $B\sim W(\Sigma,n,\Theta)$, Θ van rang p, word die verdelingsfunksie van $\Sigma_j \mathrm{sp}V_j = P$ gegee deur

4.5.1 $$f(P) = \Gamma_p((m+n)/2)/(\Gamma_p(n/2)\Gamma(mp/2))\mathrm{esp}(-\Theta/2)\Sigma_k\Sigma_K\Sigma_j\Sigma_J\Sigma_\delta$$
$$g_{K,J}^{\delta}P^{mp/2+j-1}(-1)^j(m/2)_J((m+n)/2)_\delta C_K(\Theta/2)C_\delta(I_p)$$
$$((mp/2)_j(n/2)_K C_K(I_p)k!j!)^{-1}, \quad P>0,$$

waar $m=\Sigma_{j=1}^{q}m_j$.

Bewys.

Aangesien $\mathrm{sp}V_j$ invariant is ten opsigte van die transformasies $A_j\to\Sigma^{1/2}A_j\Sigma^{1/2}$ en $B\to\Sigma^{1/2}B\Sigma^{1/2}$, beskou $\Sigma=I$. Volgens 4.4.2 kan die Laplace-getransformeerde funksie geskrywe word

$$g(t) = E(\mathrm{esp}(-t\Sigma_j V_j))$$
$$= \mathrm{esp}(-\Theta/2)(1/(\Gamma_p(n/2)\textstyle\prod_j\Gamma_p(m_j/2)|2I_p|^{+(m+n)/2}))\int_{\overline{V_j>0}}\int$$
$$\int_{B>0}\textstyle\prod_j|V_j|^{(m_j-p-1)/2}|B|^{(m+n-p-1)/2}\mathrm{esp}(-B/2)$$
$$\mathrm{esp}(-(\tfrac{1}{2}B+tI)\Sigma_jV_j)\,{}_0F_1(n/2\,;\,\Theta B/4)dB\textstyle\prod_j dV_j.$$

Integreer agtereenvolgens na V_1, V_2, --, V_q met behulp van 1.3.2. Dus

$$g(t) = \mathrm{esp}(-\Theta/2)/(\Gamma_p(n/2)|2I|^{(m+n)/2})\int_{B>0}\mathrm{esp}(-B/2)|B|^{(m+n-p-1)/2}$$
$$|\tfrac{1}{2}B+tI|^{-m/2}\,{}_0F_1(n/2\,;\,\Theta B/4)dB.$$

Volgens 1.2.11 is

$$|\tfrac{1}{2}B+tI|^{-m/2} = t^{-mp/2}\Sigma_{j=0}^{\infty}\Sigma_J(-B/2t)$$

en deur nou term-vir-term na B te integreer volgens 3.4.1, volg

4.5.2 g(t)=/ ...

4.5.2 $g(t) = \Gamma_p((m+n)/2)\mathrm{esp}(-\theta/2)/(\Gamma_p(n/2))\Sigma_k\Sigma_K\Sigma_j\Sigma_J\Sigma_\delta g_{K,J}^{\delta}$

$$t^{-(mp/2\ +j)}(-1)^j(m/2)_J((m+n)/2)_\delta C_K(\theta/2)C_\delta(I_p)$$

$$((n/2)_K C_K(I_p)k!j!)^{-1}.$$

Dit is dieselfde funksie soos gegee in 3.4.6. Deur dus die Laplace-inverse te neem, volg die stelling.

Die volgende gevolgtrekking kan derhalwe gemaak word indien 4.5.1 met 3.4.3 vergelyk word:

As $f(\mathrm{sp}V_i) = \Gamma_p((m_i+n)/2)/(\Gamma_p(n/2)\Gamma(m_ip/2))\mathrm{esp}(-\theta/2)\Sigma_k\Sigma_K\Sigma_j\Sigma_J\Sigma_\delta$

$$g_{K,J}^{\delta}(\mathrm{sp}V_i)^{m_ip/2\ +j-1}(-1)^j(m_i/2)_J((m+n)/2)_\delta C_K(\theta/2)$$

$$C_\delta(I_p)/((n/2)_K(m_ip/2)_jC_K(I_p)k!j!),$$

dan is

$f(\Sigma_{i=1}^{q}\mathrm{sp}V_i) = \Gamma_p((m+n)/2)/(\Gamma_p(n/2)\Gamma(mp/2))\mathrm{esp}(-\theta/2)\Sigma_k\Sigma_K\Sigma_j\Sigma_J\Sigma_\delta$

$$g_{K,J}^{\delta}(\mathrm{sp}\Sigma_{i=1}^{q}V_i)^{mp/2\ +j-1}(-1)^j(m/2)_J((m+n)/2)_\delta$$

$$C_K(\theta/2)C_\delta(I_p)/((n/2)_K(mp/2)_jC_K(I_p)k!j!)$$

waar $m=\Sigma_{i=1}^{q}m_i$.

B <u>Komplekse veranderlikes.</u>

HOOFSTUK V.

DIE KOMPLEKSE NIE-SENTRALE MEERVERANDERLIKE BETA-VERDELING VAN DIE EERSTE SOORT.

5.1 Inleiding.

In hierdie hoofstuk word soortgelyk as in hoofstuk II te werk gegaan behalwe dat alle veranderlikes nou as komplekse veranderlikes beskou word.

Beskou dus die statistiek

$$L = (A+B)^{-1/2}A(A+B)^{-1/2}$$

waar $L = L_R + iL_I$, d.i. L is 'n komplekse veranderlike met reële deel L_R en imaginêre deel L_I. Omdat A en B as komplekse Wishart-veranderlikes beskou word (sien paragraaf 1.3), beteken dit dat L Hermities positief definiet is. Derhalwe is $L = \bar{L}'$ waar $\bar{L} = L_R - iL_I$ die toegevoegde van L is en L_I 'n skeef-simmetriese matriks is. Die diagonaal elemente van L (of L_r) is positief. Dit word verder veronderstel dat indien $A+B = S\bar{S}'$, dan is $(A+B)^{1/2} = S$ waar S onderdriehoekig is met s_{jj} reëel, >0, j=1,--,p en $s_{ij} = s_{ijR} - is_{ijI}$. Dit word ook veronderstel dat

$$(A+B)^{-1/2}A(\overline{(A+B)^{-1/2}})' = (A+B)^{-1/2}A(A+B)^{-1/2}.$$

Die verdeling van L word in hierdie hoofstuk ondersoek in die volgende gevalle:

(i) $A \sim CW(\Sigma,m)$ en $B \sim CW(\Sigma,n,\Theta)$

(ii) $A \sim CW(\Sigma,m,\Theta)$ en $B \sim CW(\Sigma,n)$

(iii) $A \sim CW(\Sigma_1,m)$ en $B \sim CW(\Sigma_2,m)$.

In paragraaf 5.2 word die verdeling van L afgelei in elk van die drie gevalle en waar die nie-sentrale parameter Θ as van rang $r \leq p$ beskou word. Asimptotiese verdelings vir $|L|$ en $|I-L|$ word in elk van die drie gevalle gevind in 5.3 en in

5.4 word die verdeling van die grootste karakteristieke wortel van L gedefinieer. In 5.5 word aangetoon dat indien $r<p$, die verdeling van L geskrywe kan word as die produk van onafhanklike beta-verdelings van die eerste soort.

5.2 Die verdeling van L.

Stelling 5.2.1

Indien $A \sim CW(\Sigma,m)$ en $B \sim CW(\Sigma,n,\Theta)$, Θ van rang p, word die verdelingsfunksie van L gegee deur

5.2.1 $$C\beta_1(L\ ;\ m,n,\Theta) = (1/\Gamma_p(m)\Gamma_p(n))|\Sigma|^{-(m+n)}\mathrm{esp}(-\Theta)|L|^{m-p}$$
$$|I-L|^{n-p}\int_{T=\bar{T}'>0}\mathrm{esp}(-\Sigma^{-1}T)|T|^{m+n-p}{}_0\bar{F}_1(n\ ;$$
$$\Theta\Sigma^{-1}T^{1/2}(I-L)T^{1/2})dT, \quad 0<L=\bar{L}'<I.$$

Bewys.

Stel $L = T^{-1/2}AT^{-1/2}$, $T = A+B$, in die gesamentlike verdeling van A en B (sien 1.3.5 en 1.3.7). Die jakobiaan van die transformasie kan maklik aangetoon word as (sien Khatri (1965))

$$J(A,B\rightarrow L,T) = |T|^p.$$

Integrasie na T lewer die stelling. Na analogie van die verdeling in die reële geval, is hierdie verdeling 'n komplekse nie-sentrale meerveranderlike beta-verdeling van die eerste soort van volle rang.

Met behulp van die integraal (sien 6.2.4 vir die bewys van die integraal)

5.2.1 $$\int_0^I|L|^{a-p}|I-L|^{b-p}\ \bar{C}_K(R(I-L))dL$$
$$= \bar{\Gamma}_p(a)\bar{\Gamma}_p(b,K)\bar{C}_K(R)/\bar{\Gamma}_p(a+b,K)$$

en die integraal 1.3.8 volg uit 5.2.1 dat

5.2.2 $$E|L|^h = \Gamma_p(m+h)\Gamma_p(m+n)/(\Gamma_p(m)\Gamma_p(m+n+h))\,\mathrm{esp}(-\Theta)$$
$${}_1\bar{F}_1(m+n\ ;\ m+n+h\ ;\ \Theta)$$

en / ...

5.2.3 $E|I-L|^h = \Gamma_p(n+h)\Gamma_p(m+n)/(\Gamma_p(n)\Gamma_p(m+n+h))\mathrm{esp}(-\Theta)$

$${}_2\overline{F}_2(m+n,n+h\ ;\ m+n+h,n\ ;\ \Theta)$$

Afleiding 5.2.1

Indien $A\sim CW(I,m)$ en $B\sim CW(I,n,\Theta)$, Θ diagonaal en van rang $r<p$, word die verdelingsfunksie van L gegee deur

5.2.4 $C\beta_1(L\ ;\ m,n,\Theta_r) = \Gamma_p(n+m)/(\Gamma_p(m)\overline{\Gamma}_p(n)\overline{\Gamma}_r(m+n))\mathrm{esp}(-\Theta_r)$

$$|L|^{m-p}|I-L|^{n-p}\int_{T_{11}=\overline{T}'_{11}>0}\mathrm{esp}(-T_{11})|T_{11}|^{m+n-r}$$

$${}_0\overline{F}_1(n\ ;\ \Theta_r T_{11}{}^{1/2}(I-L_{11})T_{11}{}^{1/2})dT_{11},\quad 0<L<I.$$

Bewys.

Indien $\Theta = \Sigma^{-1}M\overline{M}'$, soos gedefinieer in 1.3.7, van rang $r<p$ is, bestaan 'n nie-singuliere F sodanig dat $F\Sigma\overline{F}' = I$ en $FM\overline{M}' = \begin{pmatrix}\Theta_r & 0\\ 0 & 0\end{pmatrix}$. Die Wishart-verdelings soos beskou in stelling 5.2.1 kan derhalwe na kanoniese vorme getransformeer word met behulp van die transformasies $A\to\overline{F}'AF$ en $B\to\overline{F}'BF$, d.i. die verdelings soos dit beskou word in hierdie afleiding. Die verdeling van L is nie invariant ten opsigte van hierdie transformasies nie terwyl $|L|$ en $|I-L|$ wel is. Laat $T = \begin{pmatrix}T_{11} & 0\\ T_{21} & T_{22}\end{pmatrix}$ en $L = \begin{pmatrix}L_{11} & L_{12}\\ L_{21} & L_{22}\end{pmatrix}$ sodanig dat T_{11} en L_{11} van van orde r is. Onder bogenoemde voorwaardes kan 5.2.1 dus geskrywe word

5.2.5 $C\beta_1(L\ ;\ m,n,\Theta_r) = (1/\overline{\Gamma}_p(m)\overline{\Gamma}_p(n))\mathrm{esp}(-\Theta_r)|L|^{m-p}|I-L|^{n-p}$

$$\int_{T>0}\mathrm{esp}(-T)|T|^{m+n-p}{}_0\overline{F}_1(n\ ;\ \Theta_r T_{11}{}^{1/2}(I-L_{11})T_{11}{}^{1/2})$$

$$dT.$$

Omdat $\int_{T>0}\mathrm{esp}(-T)|T|^{m+n-p}dT_{21}dT_{22}$

$$= \overline{\Gamma}_p(m+n)/(\overline{\Gamma}_r(m+n))\ |T_{11}|^{m+n-r}\mathrm{esp}(-T_{11})$$

volg/ ...

volg die afleiding. Die verdeling 5.2.4 is 'n komplekse nie-sentrale meerveranderlike beta-verdeling van die eerste soort van rang r.

Deur gebruik te maak van 1.2.10 kan die volgende momente uit 5.2.2 en 5.2.3 respektiewelik herlei word indien Θ van rang r is:

5.2.6 $$E|L|^h = \bar{\Gamma}_p(m+h)\bar{\Gamma}_p(m+n)/(\bar{\Gamma}_p(m)\bar{\Gamma}_p(m+n+h))\mathrm{esp}(-\Theta_r)$$

$$ {}_1\bar{F}_1(m+n\ ;\ m+n+h\ ;\ \Theta_r)$$

en

5.2.7 $$E|I-L|^h = \bar{\Gamma}_p(m+n)\bar{\Gamma}_p(n+h)/(\bar{\Gamma}_p(n)\bar{\Gamma}_p(m+n+h))\mathrm{esp}(-\Theta_r)$$

$$ {}_2\bar{F}_2(m+n,n+h\ ;\ m+n+h,n\ ;\ \Theta_r).$$

<u>Stelling 5.2.2</u>

Indien $A\sim CW(\Sigma,m,\Theta)$ en $B\sim CW(\Sigma,n)$, Θ van rang p, word die verdelingsfunksie van L gegee deur

5.2.8 $$C\beta_1(L\ ;\ m,n,\Theta) = (1/\bar{\Gamma}_p(m)\bar{\Gamma}_p(n))|\Sigma|^{-(m+n)}\mathrm{esp}(-\Theta)$$

$$|L|^{m-p}|I-L|^{n-p}\int_{T>0}\mathrm{esp}(-\Sigma^{-1}T)|T|^{m+n-p}$$

$$ {}_0\bar{F}_1(m\ ;\ \Theta\Sigma^{-1}T^{1/2}LT^{1/2})dT,\quad 0<L<I.$$

<u>Bewys.</u>

Die bewys is soortgelyk as die van stelling 5.2.1. Die verdeling is ook 'n komplekse nie-sentrale meerveranderlike beta-verdeling van die eerste soort van volle rang.

Die integraal 5.2.1 kan ook geskrywe word

5.2.9 $$\int_0^I|L|^{b-p}|I-L|^{a-p}\bar{C}_K(RL)dL$$

$$= \bar{\Gamma}_p(b,K)\bar{\Gamma}_p(a)/\bar{\Gamma}_p(a+b,K)\ \bar{C}_K(R),$$

dus, uit 5.2.8

5.2.10 $$E|L|^h = \bar{\Gamma}_p(m+h)\bar{\Gamma}_p(m+n)/(\bar{\Gamma}_p(m)\bar{\Gamma}_p(m+n+h))\mathrm{esp}(-\Theta)$$

$$ {}_2\bar{F}_2(m+n,m+h\ ;\ m,m+n+h\ ;\ \Theta),$$

5.2.11/ ...

5.2.11 $$E|I-L|^h = \bar{\Gamma}_p(n+h)\bar{\Gamma}_p(m+n)/(\bar{\Gamma}_p(n)\bar{\Gamma}_p(m+n+h))\mathrm{esp}(-\Theta)$$

$$ {}_1\bar{F}_1(m+n\ ;\ m+n+h\ ;\ \Theta).$$

Afleiding 5.2.2

Indien $A\sim CW(I,m,\Theta)$ en $B\sim CW(I,n)$, Θ diagonaal en van rang $r<p$, word die verdelingsfunksie van L gegee deur

5.2.12 $$C\beta_1(L\ ;\ m,n,\Theta_r) = \bar{\Gamma}_p(m+n)/(\bar{\Gamma}_p(m)\bar{\Gamma}_p(n)\bar{\Gamma}_r(m+n))\mathrm{esp}(-\Theta_r)$$

$$|L|^{m-p}|I-L|^{n-p}\int_{T_{11}>0}\mathrm{esp}(-T_{11})|T_{11}|^{m+n-r}$$

$$ {}_0\bar{F}_1(m\ ;\ \Theta_r T_{11}{}^{1/2}L_{11}T_{11}{}^{1/2})dT_{11}.$$

Bewys.

Die bewys is soortgelyk as die van afleiding 5.2.1. Die verdeling is 'n komplekse nie-sentrale meerveranderlike beta-verdeling van die eerste soort van rang r.

In hierdie geval is

5.2.13 $$E|L|^h = \bar{\Gamma}_p(m+n)\bar{\Gamma}_p(m+h)/(\bar{\Gamma}_p(m)\bar{\Gamma}_p(m+n+h))\mathrm{esp}(-\Theta_r)$$

$$ {}_2\bar{F}_2(m+n,m+h\ ;\ m,m+n+h\ ;\ \Theta_r)$$

en

5.2.14 $$E|I-L|^h = \bar{\Gamma}_p(n+h)\bar{\Gamma}_p(m+n)/(\bar{\Gamma}_p(n)\bar{\Gamma}_p(m+n+h))\mathrm{esp}(-\Theta_r)$$

$$ {}_1\bar{F}_1(m+n\ ;\ m+n+h\ ;\ \Theta_r)$$

Stelling 5.2.3

Indien $A\sim CW(\Sigma_1,m)$ en $B\sim CW(\Sigma_2,n)$ word die verdelingsfunksie van L gegee deur

5.2.15 $$f(L) = (1/\bar{\Gamma}_p(m)\bar{\Gamma}_p(n))|\Sigma_1|^{-m}|\Sigma_2|^{-n}|L|^{m-p}|I-L|^{n-p}$$

$$\int_{T>0}\mathrm{esp}(-\Sigma_2{}^{-1}T)|T|^{m+n-p}{}_0\bar{F}_0(-T^{1/2}(\Sigma_1{}^{-1}-\Sigma_2{}^{-1})T^{1/2}L)\ dT.$$

Bewys.

Die bewys is voor die hand liggend na aanleiding van die bewys van 2.2.22. Die verdeling word ook geklassifiseer as

'n komplekse/ ...

'n komplekse nie-sentrale meerveranderlike beta-verdeling van die eerste soort.

In hierdie geval is

$$5.2.16 \quad E|L|^h = \bar{\Gamma}_p(m+n)\bar{\Gamma}_p(m+h)/(\bar{\Gamma}_p(m)\bar{\Gamma}_p(m+n+h))|\Sigma_1{}^{-1}\Sigma_2|^m$$

$$_2\bar{F}_1(m+n,m+h\ ;\ m+n+h\ ;\ I-\Sigma_1{}^{-1}\Sigma_2)$$

en

$$5.2.17 \quad E|I-L|^h = \bar{\Gamma}_p(m+n)\bar{\Gamma}_p(n+h)/(\bar{\Gamma}_p(n)\bar{\Gamma}_p(m+n+h))|\Sigma_1{}^{-1}\Sigma_2|^m$$

$$_2\bar{F}_1(m,m+n\ ;\ m+n+h\ ;\ I-\Sigma_1{}^{-1}\Sigma_2)$$

Deur h=0 te neem in enige van hierdie momente, volg die resultaat 1.2.21, naamlik

$$_1\bar{F}_0(m\ ;\ I-S) = |S|^{-m}.$$

5.3 <u>Asimptotiese verdelings vir $|L|$ en $|I-L|$</u>.

<u>Stelling 5.3.1</u>

Indien $A \sim CW(\Sigma,m)$ en $B \sim CW(\Sigma,n,\Theta)$, Θ van rang $r \leq p$, word die asimptotiese verdeling van $|L|$ gegee deur

$$5.3.1 \quad P(-a\log|L| \leq z) = \Sigma_{k=0}^{\infty} P(\chi^2_{f_k} \leq z)P(k) + \mathrm{esp}(-\theta_r)\Sigma_k\Sigma_K\omega_{1k}$$

$$(P(\chi^2_{f_k+2} \leq z) - P(\chi^2_{f_k} \leq z))\bar{C}_K(\Theta_r)/k! + O(m^{-2})$$

waar $a=2\rho m$, $\rho=1 + (n-p)/2m$, $f_k=2(np+k)$, $P(k) = \mathrm{esp}(-\theta_r)(\mathrm{sp}\Theta_r)^k/k!$ en $\omega_{1k} = (-1/\rho)((1-\rho+(2n+1)/2m)k + (\Sigma_j K_j{}^2 - 2\Sigma_j K_j j)/2m$.

<u>Bewys</u>.

Stel $W = |L|^m$ en $M = -2\log W$. Die karakteristieke funksie van ρM kan dus uit 5.2.2 geskrywe word as

$$5.3.2 \quad \phi_{\rho M}(t) = E|L|^{-2it\rho m}$$

$$= \bar{\Gamma}_p(m(1-2it\rho))\bar{\Gamma}_p(m+n)/(\bar{\Gamma}_p(m)\bar{\Gamma}_p(m(1-2it\rho)+n))$$

$$\mathrm{esp}(-\Theta)\Sigma_k\Sigma_K[m+n]_K\bar{C}_K(\Theta)/([m(1-2it\rho)+n]_K k!)$$

=/ ...

$$= \mathrm{esp}(-\Theta)\Sigma_k\Sigma_K[\bar{\Gamma}_p(m+n,K)\bar{\Gamma}_p(m(1-2it\rho))/(\bar{\Gamma}_p(m)$$

$$\bar{\Gamma}_p(m(1-2it\rho)+n,K)]\bar{C}_K(\Theta)/k!.$$

Die term tussen vierkante hakies kan in die vorm 2.3.7 geskrywe word met $x = m$, $\nu_j = 1-j$ en $\gamma_j = n + K_j$. Deur nou soortgelyk as in die bewys van stelling 2.3.1 te werk te gaan, volg die stelling vir die geval Θ van rang p. Die waarde van ρ is gevind deur in

5.3.3 $\omega_{1k} = (-1/\rho)((1-\rho)f_k + n(p(n-p)+2k)/m + (\Sigma_j K_j^2-\Sigma_j K_j j)/m),$

$\omega_{10}=0$ te stel en vir ρ op te los. Om aan te toon dat die stelling ook geld indien Θ van rang $r<p$ is, is dit slegs nodig om van 1.2.10 gebruik te maak. Dit dien net daarop gelet te word dat

$$\Sigma_K\bar{C}_K(\Theta) = (\mathrm{sp}\Theta)^k.$$

Stelling 5.3.2

Indien $A\sim CW(\Sigma,m)$ en $B\sim CW(\Sigma,n,\Theta)$, Θ van rang $r\leq p$, word die asimptotiese verdeling van $|I-L|$ gegee deur

5.3.4 $P(-a\log|I-L| \leq z) = P(\chi_f^2\leq z) + O(n^{-2})$

waar $a = 2n + m - p + 2d/p$, $f = 2mp$ en $d = \mathrm{sp}\Theta_r$.

Bewys.

Stel $V = |I-L|^n$ en $M = -2\log V$. Uit 5.2.3 volg die karakteristieke funksie van ρM as

5.3.5 $\phi_{\rho M}(t) = E|I-L|^{-2it\rho n}$

$$= \mathrm{esp}(-\Theta)\Sigma_k\Sigma_K[\bar{\Gamma}_p(m+n,K)\bar{\Gamma}_p(n(1-2it\rho),K)/(\bar{\Gamma}_p(n.K)$$

$$\bar{\Gamma}_p(n(1-2it\rho)+m,K)]\bar{C}_K(\Theta)/k!\ .$$

Die term tussen vierkante hakies is van die vorm 2.3.7 met $x = n$, $\nu_j = 1-j+K_j$ en $\gamma_j = m$. Derhalwe is $f = 2mp$ en

5.3.6 $\omega_{1k} = (-1/2\rho)(mp(m-p)/n + 2km/n + (1-\rho)f).$

Stel/ ...

Stel $\omega_{1d}=0$ (d enige heelgetal) en los op vir ρ. Dus

5.3.7 $\rho = 1 + (m-p)/2n + d/np.$

ω_{1k} kan derhalwe geskrywe word

5.3.8 $\omega_{1k} = 2m(d-k)/a$

waar $a = 2\rho n$. Pas nou die prosedure soos in die bewys van 2.3.2 op 5.3.5 toe en die stelling is bewys vir die geval Θ van rang p. Indien Θ van rang $r<p$ is, volg die stelling sonderneer.

Die geval $A \sim CW(\Sigma,m,\Theta)$ en $B \sim CW(\Sigma,n)$ lewer soortgelyke resulatate as voorgaande. m en n word net deurgaans omgeruil (sien 5.2.10 en 5.2.11).

Stelling 5.3.3

Indien $A \sim CW(\Sigma_1,m)$ en $B \sim CW(\Sigma_2,n)$ word die asimptotiese verdeling van $|L|$ gegee deur

5.3.9 $$P(-a\log|L| \leq z) = P(\chi^2_f \leq z) + (P(\chi^2_{f+2} \leq z) - P(\chi^2_f \leq z))|\Sigma_1^{-1}\Sigma_2|^m$$

$$\Sigma_k \Sigma_K \omega_{1k} [m]_K \bar{C}_K (I - \Sigma_1^{-1}\Sigma_2)/k! + O(m^{-2})$$

waar $a = 2m\rho$, $f = 2np$, $\rho = 1 + (n-p)/2m$, $\omega_{1k} = (-1/2\rho)(np(n-p)/m + 2kn/m + (1-\rho)f)$.

Bewys.

Laat $W = |L|^m$ en $M = -2\log W$. Volgens 5.2.16 word die karakteristieke funksie van ρM gegee deur

5.3.10 $$\phi_{\rho M}(t) = |\Sigma_1^{-1}\Sigma_2|^m \Sigma_k \Sigma_K [m]_K [\bar{\Gamma}_p(m+n,K)\bar{\Gamma}_p(m(1-2it\rho),K)/$$

$$(\bar{\Gamma}_p(m,K)\bar{\Gamma}_p(m(1-2it\rho)+n,K))]\bar{C}_K(\Theta)/k!.$$

Die term tussen vierkante hakies is van die vorm 2.3.7 met $x = m$, $\nu_j = 1-j+K_j$ en $\gamma_j = n$. Dus $f = 2np$ en

5.3.11 $\omega_{1k} = (-/2\rho)(np(n-p)/m + 2kn/m + (1-\rho)f).$

Laat $\omega_{10} = 0$ en los op vir ρ, d.i. $\rho = 1 + (n-p)/2m$.

Pas die prosedure soos in die bewys van stelling 2.3.5 op

5.3.10 toe/ ...

5.3.10 toe en die stelling volg.

Stelling 5.3.4

Indien $A \sim CW(\Sigma_1, m)$ en $B \sim CW(\Sigma_2, n)$ word die asimptotiese verdeling van $|I-L|$ gegee deur

$$5.3.12 \quad P(-a\log|I-L| \leq z) = |\Sigma_1^{-1}\Sigma_2|^m \Sigma_k \Sigma_K P(\chi^2_{f_k} \leq z)[m]_K \bar{C}_K(I-\Sigma_1^{-1}\Sigma_2)/k!$$
$$+ |\Sigma_1^{-1}\Sigma_2|^m \Sigma_k \Sigma_K (P(\chi^2_{f_k+2} \leq z) - P(\chi^2_{f_k} \leq z))[m]_K \omega_{1k}$$
$$\bar{C}_K(I-\Sigma_1^{-1}\Sigma_2)/k! + O(n^{-2})$$

waar $a = 2n\rho$, $\rho = 1 + (m-p)/2n$, $f_k = 2(mp+k)$,
$\omega_{1k} = (-1/\rho)((1-\rho+m/n)k + (\Sigma_j K_j^2 - 2\Sigma_j K_j j + k)/n)$.

Bewys.

Onder die substitusie $V = |I-L|^n$, $M = -2\log V$, volg uit 5.2.17 dat die karakteristieke funksie van ρM gegee word deur

$$\phi(t) = E|I-L|^{-2it\rho n}$$
$$= |\Sigma_1^{-1}\Sigma_2|^m \Sigma_k \Sigma_K [m]_K [\bar{\Gamma}_p(m+n,K)\bar{\Gamma}_p(n(1-2it\rho))/(\bar{\Gamma}_p(n)$$
$$\bar{\Gamma}_p(n(1-2it\rho) + m,K)]\bar{C}_K(I-\Sigma_1^{-1}\Sigma_2)/k!.$$

Dus $x = n$, $\nu_j = 1-j$ en $\gamma_j = m + K_j$. $f_k = 2(mp+k)$ en
$\omega_{1k} = (-1/\rho)((1-\rho)f_k + m(p(m-p)+2k)/n + (\Sigma_j K_j^2 - 2\Sigma_j K_j j)/n)$.
Stel $\omega_{10}=0$ en los op vir ρ. Vervang die term in vierkante hakies deur 2.3.2 en neem die inverse.

5.4 Die verdeling van die grootste karakteristieke wortel van L.

Die gesamentlike verdeling van die karakteristieke wortels van L sal eers gedefinieer word waaruit die verdeling van die grootste karakteristieke wortel herlei kan word.

Stelling 5.4.1

Indien $A \sim CW(\Sigma, m\Sigma$ en $B \sim CW(\Sigma, n, \Theta)$, Θ van rang p, word die gesamentlike verdelingsfunksie van die karakteristieke wortels l_1, l_2, --, l_p $(1<l_1<--<l_p<0)$ van L gegee deur

5.4.1/ ...

5.4.1 $f(\Delta) = \pi^{p(p-1)}\bar{\Gamma}_p(m+n)/(\bar{\Gamma}_p(p)\bar{\Gamma}_p(m)\bar{\Gamma}_p(n))\mathrm{esp}(-\Theta)|\Delta|^{m-p}$

$$|I-\Delta|^{n-p}\,\bar{\alpha}_p(\Delta)\,{}_1\bar{F}_1(m+n\ ;\ n\ ;\ \Theta, I-\Delta)$$

waar $\Delta = \mathrm{diag}(l_1,--,l_p)$ en $\bar{\alpha}_p(\Delta) = \prod_{i<j}(l_i-l_j)^2$.

Bewys.

Daar bestaan 'n unitêre matriks U sodanig dat

$$\bar{U}'LU = \Delta \quad (\Delta \text{ reëel}).$$

Die differensiaal dL is (James (1964))

$$dL = \bar{\alpha}_p(\Delta)d\Delta dL.$$

Substitueer dus $L = U\Delta\bar{U}'$ in 5.2.1 en integreer na U 'n element van die unitêre groep U(p) deur gebruik te maak van 1.2.18 en 1.2.19. Dus

$$f(\Delta) = \pi^{p(p-1)}(1/\bar{\Gamma}_p(p)\bar{\Gamma}_p(m)\bar{\Gamma}_p(n))|\Sigma|^{-(m+n)}\mathrm{esp}(-\Theta)|\Delta|^{m-p}$$

$$|I-\Delta|^{n-p}\,\bar{\alpha}_p(\Delta)\int_{T>0}\mathrm{esp}(-\Sigma^{-1}T)|T|^{m+n-p}\,{}_0\bar{F}_1(n\ ;\ \Theta\Sigma^{-1}T, I-\Delta)dT.$$

Integrasie na T volgens 1.3.8 lewer die stelling.

Afleiding 5.4.1

Indien Δ verdeel is soos in 5.4.1 word die verdelingsfunksie van die grootste karakteristieke wortel l_1 gedefinieer as

5.4.2 $f(l_1) = \bar{\Gamma}_p(m+n)\bar{\Gamma}_p(p)/(\bar{\Gamma}_p(n)\bar{\Gamma}_p(m+p))\mathrm{esp}(-\Theta)\Sigma_k\Sigma_K\Sigma_j\Sigma_J\Sigma_{\tau\leq K}\Sigma_\delta$

$$a_\tau g_{\tau,J}^{\delta}\ l_1^{mp+j+t-1}(mp+t+j)[m+n]_K[p-n]_J[m]_\delta/($$

$$[n]_K[m+p]_\delta)\bar{C}_K(\Theta)\bar{C}_\delta(I_p)/(\bar{C}_K(I_p)k!j!),\ 0<l_1<1.$$

Bewys.

Laat $x_{i-1} = l_i/l_1$, $X = \mathrm{diag}(x_1,--,x_{p-1})$ en $X^1 = \mathrm{diag}(1,x_1,--,x_{p-1})$ in 5.4.1. Die jakobiaan van die transformasie is $J(\Delta\to l_1,X) = l_1^{p-1}$. Onder die transformasie is

$$|\Delta| = l_1^{p}|X|,$$

$\bar{\alpha}_p(\Delta)$ =/ ...

$$\bar{\alpha}_p(\Delta) = l_1^{p(p-1)}|I-X|^2\bar{\alpha}_{p-1}(X)$$

$$|I-\Delta|^{n-p} = {}_1\bar{F}_0(p-n\ ;\ \Delta) \quad (1.2.21)$$

$$= \Sigma_j\Sigma_J[p-n]_J\bar{C}_J(l_1X^1)/j!.$$

Omdat $\bar{C}_K(I-\Delta) = C_K(I-\Delta)$, want die elemente van Δ is reëel, kan dus ook geskrywe word (James (1964))

$$\bar{C}_K(I-\Delta) = \Sigma_{\tau\leq K}a_\tau\bar{C}_\tau(l_1X^1).$$

Die gesamentlike verdelingsfunksie van l_1 en X kan derhalwe geskrywe word

5.4.3 $$f(l_1,X) = \pi^{p(p-1)}\bar{\Gamma}_p(m+n)/(\bar{\Gamma}_p(p)\bar{\Gamma}_p(m)\bar{\Gamma}_p(n))\mathrm{esp}(-\Theta)|X|^{m-p}$$
$$|I-X|^2\bar{\alpha}_{p-1}(X)\Sigma_k\Sigma_K\Sigma_j\Sigma_J\Sigma_{\tau\leq K}a_\tau l_1^{mp+j+t-1}[m+n]_K$$
$$[p-n]_J\bar{C}_K(\Theta)\bar{C}_J(X^1)\bar{C}_\tau(X^1)/([n]_K\bar{C}_K(I_p)k!j!),$$
$$0<l_1<1,\ 0<X<I.$$

Integreer na X, d.i. naamlik die integraal

5.4.4 $$\int_0^I|X|^{m-p}|I-X|^2\bar{\alpha}_{p-1}(X)\bar{C}_J(X^1)\bar{C}_\tau(X^1)dX$$
$$= \Sigma_\delta g_{\tau,J}^{\ \delta}\int_0^I|X|^{m-p}|I-X|^2\bar{\alpha}_{p-1}(X)\bar{C}_\delta(X^1)dX$$
$$= \Sigma_\delta g_{\tau,J}^{\ \delta}(mp+t+j)\bar{\Gamma}_p(p)\bar{\Gamma}_p(p)\bar{\Gamma}_p(m,\delta)\bar{C}_\delta(I_p)/(\pi^{p(p-1)}\bar{\Gamma}_p(m+p,\delta))$$

omdat

5.4.5 $$\int_0^I|X|^{m-p}|I-X|^2\bar{\alpha}_{p-1}(X)\bar{C}_\delta(X^1)dX$$
$$= (mp+t+j)\bar{\Gamma}_p(p)\bar{\Gamma}_p(p)\bar{\Gamma}_p(m,\delta)\bar{C}_\delta(I_p)/(\pi^{p(p-1)}\bar{\Gamma}_p(m+p,\delta)).$$

Laasgenoemde integraal kan as volg aangetoon word:

Uit 5.2.9 volg

5.4.5 $$\int_0^I|L|^{m-p}\bar{C}_K(L)dL = \bar{\Gamma}_p(m,K)\bar{\Gamma}_p(p)\bar{C}_K(I_p)/\bar{\Gamma}_p(m+p,K).$$

Laat $L = U\Delta\bar{U}'$ soos in die bewys van stelling 5.4.1 en integreer na U. Dus

5.4.6 $$\int_0^I|\Delta|^{m-p}\bar{\alpha}_p(\Delta)\bar{C}_K(\Delta)d\Delta = \bar{\Gamma}_p(p)\bar{\Gamma}_p(p)\bar{\Gamma}_p(m,K)\bar{C}_K(I_p)/(\pi^{p(p-1)}$$
$$\bar{\Gamma}_p(m+p,K)).$$

Laat/ ...

Laat $x_{i-1} = l_i/l_1$ $(i=1,--,p-1)$ soos hierbo, dan

$$\int_0^I |\Delta|^{m-p}\bar{\alpha}_p(\Delta)\bar{C}_\delta(\Delta)d\Delta$$

$$= \int_0^1\int_0^I l_1^{mp+k-1}|X|^{m-p}\bar{\alpha}_{p-1}(X)|I-X|^2\bar{C}_K(X^1)dXdl_1$$

$$= (1/(mp+k))\int_0^I|X|^{m-p}|I-X|^2\bar{\alpha}_{p-1}(X)\bar{C}_K(X^1)dX.$$

Stel hierdie oplossing gelyk aan 5.4.6 en die integraal 5.4.5 volg. Dit bewys ook die afleiding.

Indien Θ van rang $r<p$ is, is die verdeling van l_1 voor die hand liggend.

Stelling 5.4.2

Indien $A\sim CW(\Sigma,m,\Theta)$ en $B\sim CW(\Sigma,n)$, Θ van rang p, word die gesamentlike verdelingsfunksie van die karakteristieke wortels $l_1, l_2, --, l_p$ van L gegee deur

5.4.7 $$f(\Delta) = \pi^{p(p-1)}\bar{\Gamma}_p(m+n)/(\bar{\Gamma}_p(p)\bar{\Gamma}_p(m)\bar{\Gamma}_p(n))\text{esp}(-\Theta)|\Delta|^{m-p}$$
$$|I-\Delta|^{n-p}\bar{\alpha}_p(\Delta)\,{}_1\bar{F}_1(m+n\ ;\ m\ ;\ \Theta,\Delta),\quad 0<\Delta<I.$$

Bewys.

Die bewys is soortgelyk as die van stelling 5.4.1 uit 5.2.8.

Afleiding 5.4.2

Indien $A\sim CW(\Sigma,m,\Theta)$ en $B\sim CW(\Sigma,n)$, Θ van rang p, word die verdelingsfunksie van die grootste wortel l_1 gegee deur

5.4.8 $$f(l_1) = \bar{\Gamma}_p(m+n)\bar{\Gamma}_p(p)/(\bar{\Gamma}_p(n)\bar{\Gamma}_p(m+p))\ \text{esp}(-\Theta)\Sigma_k\Sigma_K\Sigma_j\Sigma_J\Sigma_\delta$$
$$g_{K,J}^{\delta}[m+n]_K[p-n]_J[m]_\delta/([m]_K[m+p]_\delta l_1^{mp+k+j-1}$$
$$(mp+k+j)\bar{C}_K(\Theta)\bar{C}_\delta(I_p)/(\bar{C}_K(I_p)k!j!),\quad 0<l_1<1.$$

Bewys.

Onder die substitusie $x_{i-1} = l_i/l_1$, volg dat

$$f(l_1,X) = \pi^{p(p-1)}\bar{\Gamma}_p(m+n)/(\bar{\Gamma}_p(p)\bar{\Gamma}_p(m)\bar{\Gamma}_p(n))\text{esp}(-\Theta)|X|^{m-p}|I-X|^2$$
$$\bar{\alpha}_{p-1}(X)\Sigma_k\Sigma_K\Sigma_j\Sigma_J l_1^{mp+k+j-1}[m+n]_K[p-n]_J\bar{C}_K(\Theta)\bar{C}_K(X^1)\bar{C}_J(X^1)$$
$$([m]_K\bar{C}_K(I_p)k!j!)^{-1}.$$

Integreer na X deur gebruik te maak van 5.4.4 en die afleiding volg.

Stelling 5.4.3

Indien $A \sim CW(\Sigma_1, m)$ en $B \sim CW(\Sigma_2, n)$ word die gesamentlike verdelingsfunksie van die karakteristieke wortels van L gegee deur

$$5.4.9 \quad f(\Delta) = \pi^{p(p-1)}\bar{\Gamma}_p(m+n)/(\bar{\Gamma}_p(p)\bar{\Gamma}_p(m)\bar{\Gamma}_p(n))|\Sigma_1^{-1}\Sigma_2|^m|\Delta|^{m-p}$$

$$|I-\Delta|^{n-p}\bar{\alpha}_p(\Delta)\,{}_1\bar{F}_0(m+n\ ;\ I-\Sigma_1^{-1}\Sigma_2,\Delta)\ ,\quad 0<\Delta<I.$$

Bewys.

Sien die bewys van stelling 5.4.1.

Afleiding 5.4.3

Indien $A \sim CW(\Sigma_1, m)$ en $B \sim CW(\Sigma_2, n)$ word die verdelingsfunksie van die grootste wortel van L gegee deur

$$5.4.10 \quad f(l_1) = \bar{\Gamma}_p(m+n)\bar{\Gamma}_p(p)/(\bar{\Gamma}_p(n)\bar{\Gamma}_p(m+p))|\Sigma_1^{-1}\Sigma_2|^m\Sigma_k\Sigma_K\Sigma_j\Sigma_J\Sigma_\delta$$

$$g_{K,J}^{\delta}\,l_1^{mp+k+j-1}(mp+k+j)[m+n]_K[m]_\delta[p-n]_J\bar{C}_\delta(I_p)$$

$$\bar{C}_K(I-\Sigma_1^{-1}\Sigma_2)/([m+p]_\delta\bar{C}_K(I_p)k!j!),\quad 0<l_1<1.$$

Bewys.

Sien die bewys van afleiding 5.4.2

5.5 Die momente van spL en sp(I-L).

Met behulp van die integrale

$$5.5.1 \quad \int_0^I |\Delta|^{m-p}|I-\Delta|^{n-p}\ \bar{\alpha}_p(\Delta)\bar{C}_K(I-\Delta)d\Delta$$

$$= \bar{\Gamma}_p(p)\bar{\Gamma}_p(m)\bar{\Gamma}_p(n,K)\bar{C}_K(I_p)/(\pi^{p(p-1)}\bar{\Gamma}_p(m+n,K))$$

en

$$5.5.2 \quad \int_0^I|\Delta|^{m-p}|I-\Delta|^{n-p}\ \bar{\alpha}_p(\Delta)\bar{C}_K(\Delta)d\Delta$$

$$= \bar{\Gamma}_p(p)\bar{\Gamma}_p(n)\bar{\Gamma}_p(m,K)\bar{C}_K(I_p)/(\pi^{p(p-1)}\bar{\Gamma}_p(m+n,K)),$$

wat herlei word uit 5.4.1 en 5.4.7 respektiewelik, is dit

moontlik/ ...

moontlik om die verwagte waardes van die sonale-polinome $\overline{C}_K(\Delta)$ en $\overline{C}_K(I-\Delta)$ te vind. Omdat $spL = sp\Delta$ en $sp(I-L) = sp(I-\Delta)$ word die momente van $sp\Delta$ en $sp(I-\Delta)$ gevind. Die bewyse is dieselfde as die in paragraaf 2.5 en daarom word slegs die stellings gegee.

Stelling 5.5.1

Indien $A \sim CW(\Sigma,m)$ en $B \sim CW(\Sigma,n,\Theta)$, Θ van rang $r \leq p$, is

5.5.3 $$E\overline{C}_J(I-\Delta) = esp(-\Theta_r)\Sigma_k\Sigma_K\Sigma_\delta g^{\delta}_{K,J}[m+n]_K[n]_\delta\overline{C}_K(\Theta_r)\overline{C}_\delta(I_p)/([m+n]_\delta[n]_K\overline{C}_K(I_p)k!)$$

en

5.5.4 $$M_{sp(I-\Delta)}(t) = esp(-\Theta_r)\Sigma_k\Sigma_K\Sigma_j\Sigma_J\Sigma_\delta g^{\delta}_{K,J}t^j[m+n]_K[n]_\delta\overline{C}_\delta(I_p)\overline{C}_K(\Theta_r)/([m+n]_\delta[n]_K\overline{C}_K(I_p)k!j!).$$

Stelling 5.5.2

Indien $A \sim CW(\Sigma,m,\Theta)$ en $B \sim CW(\Sigma,n)$, Θ van rang $r \leq p$, is

5.5.5 $$E\overline{C}_J(\Delta) = esp(-\Theta_r)\Sigma_k\Sigma_K\Sigma_\delta g^{\delta}_{K,J}[m+n]_K[m]_\delta\overline{C}_K(\Theta_r)\overline{C}_\delta(I_p)/([m]_K[m+n]_\delta\overline{C}_K(I_p)k!)$$

en

5.5.6 $$M_{sp\Delta}(t) = esp(-\Theta_r)\Sigma_k\Sigma_K\Sigma_j\Sigma_J\Sigma_\delta g^{\delta}_{K,J}t^j[m+n]_K[m]_\delta\overline{C}_K(\Theta_r)\overline{C}_\delta(I_p)/([m]_K[m+n]_\delta\overline{C}_K(I_p)k!j!).$$

Stelling 5.5.3

Indien $A \sim CW(\Sigma_1,m)$ en $B \sim CW(\Sigma_2,n)$, is

5.5.7 $$E\overline{C}_J(\Delta) = |\Sigma_1^{-1}\Sigma_2|^m\Sigma_k\Sigma_K\Sigma_\delta g^{\delta}_{K,J}[m+n]_K[m]_\delta\overline{C}_K(I-\Sigma_1^{-1}\Sigma_2)\overline{C}_\delta(I_p)/([m+n]_\delta\overline{C}_K(I_p)k!)$$

en

5.5.8 $$M_{sp\Delta}(t) = |\Sigma_1^{-1}\Sigma_2|^m\Sigma_k\Sigma_K\Sigma_j\Sigma_J\Sigma_\delta g^{\delta}_{K,J}[m+n]_K[m]_\delta\overline{C}_\delta(I_p)\overline{C}_K(I-\Sigma_1^{-1}\Sigma_2)/([m+n]_\delta\overline{C}_K(I_p)k!j!).$$

5.6 Die/ ...

5.6 Die verdeling van L in terme van onafhanklike beta-verdelings van die eerste soort.

In hierdie paragraaf sal aangetoon word dat die komplekse nie-sentrale meerveranderlike beta-verdeling van die eerste soort van rang $r<p$, soos gedefinieer in 5.2.4, geskrywe kan word as 'n komplekse nie-sentrale meerveranderlike beta-verdeling van die eerste soort van volle rang vermenigvuldig met die produk van onafhanklike eenveranderlike beta-verdelings van die eerste soort.

Volgens 5.2.4 kan die verdelingsfunksie van L geskrywe word

5.6.1 $$f(L) \propto \operatorname{esp}(-\Theta_r)|L|^{m-p}|I-L|^{n-p}\int_{T_{11}>0}\operatorname{esp}(-T_{11})|T_{11}|^{m+n-r}$$
$$ {}_0\bar{F}_1(n\;;\;\Theta_r T_{11}^{1/2}(I-L_{11})T_{11}^{1/2})dT_{11}.$$

Onder die opsplitsing $L = \begin{pmatrix} L_{11} & L_{12} \\ L_{21} & L_{22} \end{pmatrix}$, volg

$|L| = |L_{11}||L_{22.1}|$ waar $L_{22.1} = L_{22} - L_{21}L_{11}^{-1}L_{12}$.

$J(L_{22}\rightarrow L_{22.1}) = 1.$

$|I-L| = |I-L_{11}||I-L_{22.1}-\bar{U}'U|$ waar $U = ((I-L_{11})^{-1}L_{11}^{-1})^{1/2}L_{12}$.

Die jakobiaan van die transformasie is

$$J(L_{12}\rightarrow U) = |I-L_{11}|^{p-r}|L_{11}|^{p-r},$$

wat soos volg bewys kan word:

Laat $U(rxp-r) = (U_1,--,U_{p-r})$, $L_{12}(rxp-r) = (L_{(1)},--,L_{(p-r)})$ en $((I-L_{11})^{-1}L_{11}^{-1})^{1/2} = R$. Dus $U_1 = RL_{(1)}$, --, $U_{p-r} = RL_{(p-r)}$.

Omdat $U_j = U_{jR}+iU_{jI}$ en $L_{(j)} = L_{(j)R}+iL_{(j)I}$, volg dat

$$\begin{aligned} J(L_{(j)}\rightarrow U_j) &= J(L_{(j)R},L_{(j)I}\rightarrow U_{jR},U_{jI}) \\ &= J(L_{(j)R}\rightarrow U_{jR})\cdot J(L_{(j)I}\rightarrow U_{jI}) \\ &= |R|^{-2}. \end{aligned}$$

$$\begin{aligned} \text{Dus } J(L_{12}\rightarrow U) &= \prod_{j=1}^{p-r} J(L_{(j)}\rightarrow U_j) = |R|^{-2(p-r)} \\ &= |I-L_{11}|^{p-r}|I-L_{11}|^{p-r} \quad \text{Q.E.D.} \end{aligned}$$

Die/ ...

Die verdelingsfunksie van L kan derhalwe geskrywe word

5.6.2 $f(L) \quad \mathrm{esp}(-\Theta_r)|L_{11}|^{m-r}|I-L_{11}|^{n-r}|L_{22.1}|^{m-p}|I-L_{22.1}-\bar{U}'U|^{n-p}$

$$\int_{T_{11}>0}\mathrm{esp}(-T_{11})|T_{11}|^{m+n-r}\,{}_0\bar{F}_1(n\ ;\ \Theta_r T_{11}^{1/2}(I-L_{11})T_{11}^{1/2})\,dT_{11}.$$

Stel $W = U(I-L_{22.1})^{-1/2}$ met $J(U \rightarrow W) = |I-L_{22.1}|^r$. Dus

5.6.3 $f(L) \quad \mathrm{esp}(-\Theta_r)|L_{11}|^{m-r}|I-L_{11}|^{n-r}\int_{T_{11}>0}\mathrm{esp}(-T_{11})|T_{11}|^{m+n-r}$

$${}_0\bar{F}_1(n\ ;\ \Theta_r T_{11}^{1/2}(I-L_{11})T_{11}^{1/2})\,dT_{11}\cdot|L_{22.1}|^{m-p}$$

$$|I-L_{22.1}|^{n-p+r}|I-\bar{W}'W|^{n-p}.$$

Die volgende stelling is nou bewys:

<u>Stelling 5.6.1</u>

Indien $L \sim C\beta_1(m,n,\Theta_r)$, $r<p$, kan die verdelingsfunksie van L geskrywe word

5.6.4 $C\beta_1(L\ ;\ m,n,\Theta_r) = f_1(L_{11})\ f_2(L_{22.1})\ f_3(W)$

waar

5.6.5 $L_{11}(r\mathrm{x}r) \sim C\beta_1(m,n,\Theta_r)$,

5.6.6 $L_{22.1}(p-r\mathrm{x}p-r) \sim C\beta_1(m-r,n)$

en

5.6.7 $f_3(W) \propto |I-\bar{W}'W|^{n-p}$.

Beskou die verdeling van W.

Laat $\bar{W}' = (\bar{W}_1',--,\bar{W}_r')$. Dus

$$|I-\bar{W}'W| = |I-\Sigma_{k=1}^{r-1}\bar{W}_k'W_k|(1-W_r(I-\Sigma_{k=1}^{r-1}\bar{W}_k'W_k)^{-1}\bar{W}_r').$$

Stel $E_r = W_r(I-\Sigma_{k=1}^{r}\bar{W}_k'W_k)^{-1/2}$ met $J(W_r \rightarrow E_r) = |I-\Sigma_{k=1}^{r-1}\bar{W}_k'W_k|$.

Derhalwe is $|I-\bar{W}'W| = |I-\Sigma_{k=1}^{r-1}\bar{W}_k'W_k|(1-E_r\bar{E}_r')$. Deur hierdie prosedure te herhaal, volg

5.6.8 $|I-\bar{W}'W| = \prod_{i=1}^{r}(1-E_i\bar{E}_i')$.

Laat $\bar{E}'(r\mathrm{x}p-r) = (\bar{E}_1',--,\bar{E}_r')$, $E_1 = W_1$.

5.6.9 J/ ...

5.6.9 $J(W\to E) = \prod_{i=1}^{r}(1-E_i\bar{E}_i')^{r-i}$.

Aangesien $E_i(1xp-r) = E_{iR}+iE_{iI}$, is

$$E_i\bar{E}_i' = E_{iR}E_{iR}' + E_{iI}E_{iI}'.$$

Laat derhalwe $F_i = (E_{iR},E_{iI})$ $(1x2(p-r))$, dan

5.6.10 $|I-\bar{W}'W| = \prod_{i=1}(1-F_iF_i')$

en

5.6.11 $J(W\to E) = J(W\to F) = \prod_{i=1}^{r}(1-F_iF_i')^{r-i}$.

Aangesien F reëel is, kan nou soortgelyk as in 2.6.16 te werk gegaan word, d.i. laat

$$F_i'(2(p-r)x1) = X_i' = \begin{pmatrix} x_{i1}^{1/2} \\ (1-x_{i1})^{1/2}x_{i2}^{1/2} \\ \text{-------------} \\ (1-x_{i1})^{1/2}\cdots(1-x_{i,2(p-r)-1})^{1/2}x_{i,2(p-r)}^{1/2} \end{pmatrix}.$$

$$J(F_i\to X_i) = (1/2)^{2(p-r)}\prod_{j=1}^{2(p-r)} x_{ij}^{-1/2}(1-x_{ij})^{(2(p-r)-j)/2}.$$

Dus

5.6.12 $J(F\to X) = (1/2)^{2r(p-r)}\prod_{i=1}^{r}\prod_{j=1}^{2(p-r)} x_{ij}^{-1/2}(1-x_{ij})^{p-r-j/2}$

waar $F' = (F_1',--,F_r')$ en $X' = (X_1',--,X_r')$. 5.6.10 en 5.6.11 is nou respektiewelik

5.613 $|I-\bar{W}'W| = \prod_{i=1}^{r}\prod_{j=1}^{2(p-r)}(1-x_{ij})$

en

$$J(W\to F) = \prod_{i=1}^{r}\prod_{j=1}^{2(p-r)}(1-x_{ij})^{r-i}.$$ Derhalwe is

5.6.14 $J(W\to X) = (1/2)^{2r(p-r)}\prod_{i=1}^{r}\prod_{j=1}^{2(p-r)} x_{ij}^{-1/2}(1-x_{ij})^{p-i-j/2}$.

Die verdeling van W (5.6.7) kan nou geskrywe word

$$f_3(W)\propto\prod_{i=1}^{r}\prod_{j=1}^{2(p-r)} x_{ij}^{-1/2}(1-x_{ij})^{(2(n-i)-j)/2},$$

d.i.

5.6.15 $f_3(W) = \prod_{i=1}^{r}\prod_{j=1}^{2(p-r)} \beta_1(x_{ij}\ ;\ 1/2,(2(n-i+1)-j)/2)$.

Deur nou gebruik te maak van 5.6.4 en 5.6.15 kan soos vir

die/ ...

die reële geval (2.6) aangetoon word dat

5.6.16 $f_2(L_{22.1}) = \prod_{i=1}^{r}\beta_1(u_i\ ;\ m-r-i+1,n)\prod_{i=1}^{p-r-1}\prod_{j=1}^{2(p-r-i)}$
$\beta_1(v_{ij}\ ;\ 1/2,n-j/2).$

Derhalwe is

$$f_2(L_{22.1})f_3(W) = \prod_{i=r+1}^{p}\beta_1(u_i\ ;\ m-i+1,n)$$
$$\prod_{i=1}^{p-r-1}\prod_{j=1}^{2(p-r-i)}\beta_1(v_{ij}\ ;\ 1/2,(2n-j)/2)$$
$$\prod_{i=1}^{r}\prod_{j=1}^{2(p-r)}\beta_1(x_{ij}\ ;\ 1/2,(2(n-i+1)-j)/2).$$

Dit kan nou aangetoon word dat

$$\prod_{i=1}^{p-r-1}\prod_{j=1}^{2(p-r-i)}\beta_1(v_{ij}\ ;\ 1/2,(2n-j)/2)$$
$$\prod_{i=1}^{r}\prod_{j=1}^{2(p-r)}\beta_1(x_{ij}\ ;\ 1/2,(2(n-i+1)-j)/2)$$
$$= \prod_{i=r+1}^{p}\prod_{j=1}^{2(i-1)}\beta_1(w_{ij}\ ;\ 1/2,(2(n-i)+j+1)/2),$$

wat beteken dat

5.6.17 $$f_2(L_{22.1})f_3(W) = \prod_{i=r+1}^{p}\beta_1(u_i\ ;\ m-i+1,n)$$
$$\prod_{j=1}^{2(i-1)}\beta_1(w_{ij}\ ;\ 1/2,(2(n-i)+j+1)/2).$$

Substitueer hierdie resultaat in 5.6.4 en die volgende stelling is bewys;

Stelling 5.6.2

Indien $L \sim C\beta_1(m,n,\theta_r)$, $r<p$, kan die verdelingsfunksie van L geskrywe word

5.6.18 $$C\beta_1(L\ ;\ m,n,\theta_r) = C\beta_1(L_{11}(r\times r);\ m,n,\theta_r)\cdot$$
$$\prod_{i=r+1}^{p}\beta_1(u_i\ ;\ m-i+1,n)\cdot$$
$$\prod_{j=1}^{2(i-1)}\beta_1(w_{ij}\ ;\ 1/2,(2(n-i)+j+1)/2).$$

Stelling 5.6.3

Indien $L \sim C\beta_1(m,n,\theta_r)$, $r<p$, kan die verdelingsfunksie van $|L|$ geskrywe word

5.6.19 $$f(|L|) = f_1(|L_{11}|)\prod_{i=r+1}^{p}\beta_1(u_i\ ;\ m-i+1,n)$$

waar/ ...

waar $L_{11}(rxr) \sim C\beta_1(m,n,\theta_r)$.

Bewys.

Die stelling volg deur van 5.2.6 gebruik te maak (sien stelling 2.6.2).

Stelling 5.6.4

Indien $L \sim C\beta_1(m,n,\theta_r)$, $r<p$, kan die verdelingsfunksie van $|I-L|$ geskrywe word

$$5.6.20 \quad f(|I-L|) = f_1(|I-L_{11}|) \prod_{i=r+1}^{p} \beta_1(1-u_i \,;\, n,m-i+1)$$

waar $I-L_{11} \sim C\beta_1(n,m,\theta_r)$.

Bewys.

Die stelling volg deur gebruik te maak van 5.2.7 (sien stelling 2.6.3).

HOOFSTUK VI.

DIE KOMPLEKSE NIE-SENTRALE MEERVERANDERLIKE BETA-VERDELING VAN DIE TWEEDE SOORT.

6.1 Inleiding.

Laat $V = B^{-1/2}AB^{-1/2}$ waar $A \sim CW(\Sigma,m)$ en $B \sim CW(\Sigma,n,\Theta)$. V is dus 'n komplekse veranderlike en kan geskrywe word as $V = V_R + iV_I$. Dit is verder Hermities positief definiet. Die verdeling van V word in 6.2 gedefinieer. In 6.3 word die gesamentlike verdeling van die karakteristieke wortels van V gevind en in 6.4 die verdelings van spV en spV^{-1}. In 6.5 word aangetoon dat die verdeling van V, indien Θ van rang $r<p$ is, geskrywe kan word as die produk van onafhanklike beta-verdelings van die tweede soort.

6.2 Die verdeling van V.

Stelling 6.3.1

Indien $A \sim CW(\Sigma,m)$ en $B \sim CW(\Sigma,n,\Theta)$, Θ van rang p, word die verdelingsfunksie van V gegee deur

6.2.1 $$f(V) = (1/(\bar{\Gamma}_p(m)\bar{\Gamma}_p(n)))|\Sigma|^{-(m+n)}\text{esp}(-\Theta)|V|^{m-p}\int_{B=\bar{B}'>0} \text{esp}(-(\Sigma^{-1}B+B^{1/2}\Sigma^{-1}B^{1/2}V))|B|^{m+n-p}{}_0\bar{F}_1(n\ ;\ \Theta\Sigma^{-1}B)dB,$$
$$V>0.$$

Bewys.

Stel $V = B^{-1/2}AB^{-1/2}$, $J(A\to V) = |B|^p$, in die gesamentlike verdeling van A en B en integreer na B.

Afleiding 6.2.1

Indien $A \sim CW(I,m)$ en $B \sim CW(I,n,\Theta)$, Θ van rang p, word die verdelingsfunksie van V gegee deur

6.2.2 $$C\beta_2(V\ ;\ m,n,\Theta) = \bar{\Gamma}_p(m+n)/(\bar{\Gamma}_p(m)\bar{\Gamma}_p(n))\text{esp}(-\Theta)|V|^{m-p} |I+V|^{-(m+n)}{}_1\bar{F}_1(m+n\ ;\ n\ ;\ \Theta(I+V)^{-1}),\quad V>0.$$

Bewys/ ...

<u>Bewys</u>.

Stel $\Sigma=I$ in 6.2.1 en integreer met betrekking tot B deur gebruik te maak van 1.3.8.

Die verdeling van V word na analogie van die verdeling 3.2.2 genoem die komplekse nie-sentrale meerveranderlike beta-verdeling van die tweede soort van volle rang.

Uit 6.3.2 volg die integraal

6.2.3 $\int_{V>0}|V|^{m-p}|I+V|^{-(m+n)}\overline{C}_K(\Theta(I+V)^{-1})dV$

$$= \overline{\Gamma}_p(m)\overline{\Gamma}_p(n,K)\overline{C}_K(\Theta)/\overline{\Gamma}_p(m+n,K).$$

Laat $V = (I-L)^{-1/2}L(I-L)^{-1/2}$, d.i. $(I+V)^{-1} = I-L$, met jakobiaan $|I-L|^{-2p} = C\beta_1(L\ ;\ m,n)/C\beta_2(V\ ;\ m,n)$. Bostaande integraal kan derhalwe ook geskrywe word

6.2.4 $\int_0^I|L|^{m-p}|I-L|^{n-p}\overline{C}_K(\Theta(I-L))dL$

$$= \overline{\Gamma}_p(m)\overline{\Gamma}_p(n,K)\overline{C}_K(\Theta)/\overline{\Gamma}_p(m+n,K).$$

Dit is dan ook 'n bewys vir die integraal 5.2.1.

Met behulp van 6.2.3 kan aangetoon word dat

6.2.5 $E|V|^h = \overline{\Gamma}_p(m+h)\overline{\Gamma}_p(n-h)/(\overline{\Gamma}_p(m)\overline{\Gamma}_p(n))esp(-\Theta)\,{}_1\overline{F}_1(n-h\ ;\ n;\Theta)$

en

6.2.6 $E|I+V|^{-h} = \overline{\Gamma}_p(n+h)\overline{\Gamma}_p(m+n)/(\overline{\Gamma}_p(n)\overline{\Gamma}_p(m+n+h))esp(-\Theta)$

$${}_2\overline{F}_2(n+h,m+n\ ;\ m+n+h,n\ ;\ \Theta).$$

Hierdie momente geld ook indien V verdeel is soos in stelling 6.3.1 aangesien hulle invariant is ten opsigte van die transformasies $A\rightarrow\Sigma^{1/2}A\Sigma^{1/2}$ en $B\rightarrow\Sigma^{1/2}B\Sigma^{1/2}$.

Deur Θ as diagonaal te beskou in 6.2.2, d.i. die verdeling van B word in sy kanoniese vorm beskou, kan die verdelingsfunksie van V geskrywe word as

6.2.7 $C\beta_2(V\ ;\ m,n,\Theta_r) = \overline{\Gamma}_p(m+n)/(\overline{\Gamma}_p(m)\overline{\Gamma}_p(n))esp(-\Theta_r)|V|^{m-p}$

$$|I+V|^{-(m+n)}\,{}_1\overline{F}_1(m+n\ ;\ n\ ;\ \Theta_r(I+V_{1.2})^{-1})$$

indien/ ...

indien Θ van rang $r<p$ is. $V_{1.2} = V_{11}-V_{12}(I+V_{22})^{-1}V_{21}$ onder die opsplitsing $V = \begin{pmatrix} V_{11} & V_{12} \\ V_{21} & V_{22} \end{pmatrix}$ sodanig dat V_{11} van orde r is.

Laasgenoemde verdeling is 'n komplekse nie-sentrale meerveranderlike beta-verdeling van die tweede soort van rang r.

Die momente van $|V|$ en $|I+V|^{-1}$ kan in hierdie geval uit 6.2.5 en 6.2.6 respektiewelik herlei word.

6.3 Die verdeling van die karakteristieke wortels van V.

Stelling 6.3.1

Indien $A \sim CW(\Sigma,m)$ en $B \sim CW(\Sigma,n,\Theta)$, Θ van rang p, word die gesamentlike verdelingsfunksie van die karakteristieke wortels van V gedefinieer as

6.3.1 $$f(V_s) = \pi^{p(p-1)}\bar{\Gamma}_p(m+n)/(\bar{\Gamma}_p(m)\bar{\Gamma}_p(n)\bar{\Gamma}_p(p))\text{esp}(-\Theta)|V_s|^{m-p}$$
$$|I+V_s|^{-(m+n)}\ \bar{\alpha}_p(V_s)\,{}_1\bar{F}_1(m+n\ ;\ n\ ;\ \Theta,(I+V_s)^{-1})$$

waar $V_s = \text{diag}(v_1,--,v_p)$. $v_1>-->v_p>0$ is die karakteristieke wortels van V.

Bewys.

Omdat die karakteristieke wortels van V invariant is ten opsigte van die transformasies $A \to \Sigma^{1/2}A\Sigma^{1/2}$ en $B \to \Sigma^{1/2}B\Sigma^{1/2}$, kan die stelling uit 6.3.2 bewys word. Daar bestaan 'n unitêre matriks U sodanig dat

$$\bar{U}'VU = \text{diag}(v_1,--,v_p) = V_s .$$

$dV = \bar{\alpha}_p(V_s)dV_s d(U)$. Integrasie na U 'n element van die unitêre groep in die gesamentlike verdeling van U en V_s lewer die stelling.

Hierdie verdeling is reeds deur James (1964) gedefinieer, maar volgens 'n ander metode.

6.4 Die/ ...

6.4 Die verdelings van spV en spV^{-1}.

Omdat die karakteristieke wortels van V en V^{-1} reëel is, kan die Laplace-getransformeerde funksie soos gebruik in 3.4 ook hier gebruik word vir die aflei van die verdelings van spV en spV^{-1}.

Beskou eers die verdeling van spV. Deur gebruik te maak van 6.2.1 kan die Laplace-getransformeerde funksie van spV geskrywe word

6.4.1
$$\begin{aligned} g(t) &= E(esp(-tV)) \\ &= (1/(\bar{\Gamma}_p(m)\bar{\Gamma}_p(n)))|\Sigma|^{-(m+n)}esp(-\Theta)\int_{V>0}\int_{B>0}|V|^{m-p} \\ &\quad esp(-\Sigma^{-1}B)esp(-(B^{1/2}\Sigma^{-1}B^{1/2}+tI)V)|B|^{m+n-p} \\ &\quad {}_0\bar{F}_1(n\ ;\ \Theta\Sigma^{-1}B)dBdV \\ &= (1/(\bar{\Gamma}_p(n)|\Sigma|^{m+n})esp(-\Theta)\int_{B>0}esp(-\Sigma^{-1}B)|B|^{m+n-p} \\ &\quad |B^{1/2}\Sigma^{-1}B^{1/2}+tI|^{-m}{}_0\bar{F}_1(n\ ;\ \Theta\Sigma^{-1}B)dB. \end{aligned}$$

Maar

6.4.2
$$|B^{1/2}\Sigma^{-1}B^{1/2}+tI|^{-m} = t^{-mp}\Sigma_j\Sigma_J[m]_J\bar{C}_J(-\Sigma^{-1}B/t)$$

en derhalwe is die integraal na B

$$\begin{aligned} &\int_{B>0}esp(-\Sigma^{-1}B)|B|^{m+n-p}\bar{C}_J(\Sigma^{-1}B)\bar{C}_K(\Theta\Sigma^{-1}B)dB \\ &= |\Sigma|^{m+n}\int_{B>0}esp(-B)|B|^{m+n-p}\bar{C}_J(B)\bar{C}_K(\Theta B)dB. \end{aligned}$$

g(t) word nou

6.4.3
$$\begin{aligned} g(t) &= (1/\bar{\Gamma}_p(n))esp(-\Theta)\Sigma_k\Sigma_K\Sigma_j\Sigma_J[m]_J t^{-(mp+j)}(-1)^j/([n]_K \\ &\quad k!j!)\int_{B>0}esp(-B)|B|^{m+n-p}\bar{C}_J(B)\bar{C}_K(\Theta B)dB. \end{aligned}$$

Om die integraal na B te vind, kan weer soos in paragraaf 3.4 te werk gegaan word wat baie omslagtig is, terwyl dit volgens 'n veel korter metode gevind kan word. Aangesien die oplossing van die integraal 'n simmetriese funksie in Θ is, voer die unitêre transformasie $\Theta \rightarrow C\Theta\bar{C}'$ in $\bar{C}_K(\Theta B)$ uit

en/ ...

en integreer na C 'n element van die unitêre groep $U(p)$ met behulp van 1.2.17. Die integraal word nou

$$\int_{B>0} \mathrm{esp}(-B)|B|^{m+n-p}\overline{C}_J(B)\int_{U(p)}\overline{C}_K(C\Theta\overline{C}')d(C)dB$$

$$=(\overline{C}_K(\Theta)/\overline{C}_K(I_p))\int_{B>0}\mathrm{esp}(-B)|B|^{m+n-p}\overline{C}_J(B)\overline{C}_K(B)dB$$

$$=(\overline{C}_K(\Theta)/\overline{C}_K(I_p))\,\Sigma_\delta g_{K,J}^{\delta}\overline{\Gamma}_p(m+n,\delta)\overline{C}_\delta(I_p).$$

Dus

6.4.4 $$g(t)=(\overline{\Gamma}_p(m+n)/\overline{\Gamma}_p(n))\,\mathrm{esp}(-\Theta)\Sigma_k\Sigma_K\Sigma_j\Sigma_J\Sigma_\delta g_{K,J}^{\delta}t^{-(mp+j)}$$
$$(-1)^j[m]_J[m+n]_\delta\overline{C}_K(\Theta)\overline{C}_\delta(I_p)/([n]_K\overline{C}_K(I_p)k!j!).$$

Deur nou die Laplace-inverse te neem, volg die volgende stelling.

<u>Stelling 6.4.1</u>

Indien $V\sim C\beta_2(m,n,\Theta)$ word die verdelingsfunksie van $\mathrm{sp}V = T$ gegee deur

6.4.5 $$f(T)=\overline{\Gamma}_p(m+n)/(\overline{\Gamma}_p(n)\Gamma(mp))\mathrm{esp}(-\Theta)\Sigma_k\Sigma_K\Sigma_j\Sigma_J\Sigma_\delta g_{K,J}^{\delta}(-1)^j$$
$$T^{mp+j-1}[m]_J[m+n]_\delta\overline{C}_K(\Theta)\overline{C}_\delta(I_p)/([n]_K(mp)_j\overline{C}_K(I_p)k!j!),$$
$$T>0.$$

Om die verdeling van $\mathrm{sp}V^{-1}$ te definieer, is die volgende hulp-stelling nodig:

<u>Hulp-stelling 6.4.1</u>

6.4.6 $$|I+R|^{-a}[a]_K\overline{C}_K(R^{-1}+1)^{-1}$$
$$=\Sigma_j\Sigma_J\Sigma_\delta g_{K,J}^{\delta}(-1)^j[a]_\delta\overline{C}_\delta(R)/j!$$ (R Hermities positief definiet).

<u>Bewys</u>.

Beskou die integraal

$$\int_{S=\overline{S}'>0}\mathrm{esp}(-(I+R)S)|S|^{a-p}\overline{C}_K(RS)dS$$

$$=\overline{\Gamma}_p(a,K)|I+R|^{-a}\overline{C}_K((I+R)^{-1}R).$$

Die integraal/ ...

Die integraal kan ook geskrywe word

$$\int_{S>0}\text{esp}(-S)|S|^{a-p}\Sigma_j\Sigma_J(-1)^j\overline{C}_K(RS)\overline{C}_J(RS)dS/j!$$

$$= \Sigma_j\Sigma_J\Sigma_\delta g_{K,J}^{\delta}(-1)^j\overline{\Gamma}_p(a,\delta)\overline{C}_\delta(R)/j!$$

Stel hierdie twee oplossings gelyk en die hulp-stelling is bewys.

Die verdeling van spV^{-1} kan nou gevind word. Omdat $spV^{-1} = spA^{-1}B$, laat $Z = A^{-1/2}BA^{-1/2}$. Dus $spV^{-1} = spZ$. Die gesamentlike verdelingsfunksie van A en B word gegee deur $(\Sigma=I)$

$$f(A,B) = (1/\overline{\Gamma}_p(m)\overline{\Gamma}_p(n))\text{esp}(-\Theta)|A|^{m-p}|B|^{n-p}\text{esp}(-(A+B))_0\overline{F}_1(n\ ;\ \Theta B)$$

en dus is die voorskrif van die Laplace-getransformeerde funksie van spZ

$$g(t) = E(\text{esp}(-tZ))$$

$$= (1/\overline{\Gamma}_p(m)\overline{\Gamma}_p(n))\text{esp}(-\Theta)\int_{Z>0}\int_{A>0}|A|^{m+n-p}|Z|^{n-p}\text{esp}(-A)$$

$$\text{esp}(-(A+tI)Z)_0\overline{F}_1(n\ ;\ \Theta A^{1/2}ZA^{1/2})dAdZ.$$

Integreer na Z met behulp van 1.3.8. Dus

6.4.7 $$g(t) = (1/\overline{\Gamma}_p(m))\text{esp}(-\Theta)\int_{A>0}|A|^{m+n-p}\text{esp}(-A)|A+tI|^{-n}$$

$$_0\overline{F}_0(A^{1/2}\Theta A^{1/2}(A+tI)^{-1})dA$$

$$= (1/\overline{\Gamma}_p(m))\text{esp}(-\Theta)\int_{A>0}|A|^{m+n-p}\text{esp}(-A)t^{-np}|I+\tfrac{1}{t}A|^{-n}$$

$$_0\overline{F}_0(\Theta(I+tA^{-1})^{-1})dA.$$

Omdat die oplossing van die integraal na A 'n simmetriese funksie in Θ is, kan dieselfde metode soos gebruik vir die integraal na B in 6.4.3, gebruik word. Die hipergeometriese funksie kan derhalwe geskrywe word

$$_0\overline{F}_0(\Theta\ ;\ (I+tA^{-1})^{-1}).$$

Maar volgens 6.4.6 is

